

## **ALGEMENE KENNISGEWING NO. ... VAN 2011**

Ek, **Sylvia Elizabeth Lucas**, Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir natuurbewaring in die Provinsie Noord-Kaap, maak hierby kragtens artikel 63 van die Noord-Kaap Natuurbewaringswet, 2009 (Wet No. 9 van 2009), die Regulasies soos hieronder uiteengesit. Hierdie Regulasies tree in werking op die datum waarop voorgenoemde Wet in werking tree.

.....  
**S.E. LUCAS**  
**LUR vir Omgewing en Natuurbewaring**

**Datum:** .....

### **NOORD-KAAP NATUURBEWARINGSREGULASIES**

#### **INDELING VAN REGULASIES**

##### **HOOFSTUK I UITLEG**

1. Woordomskrywing en uitleg

##### **HOOFSTUK II HEININGSPEKIFIKASIES**

2. Grond wat toereikend afgekamp moet word
3. Minimum spesifikasies van heinings vir herbivoorspesies
4. Minimum spesifikasies van heinings vir gevaarlike wildspesies
5. Minimum spesifikasies van heinings vir groot karnivoorspesies
6. Minimum spesifikasies van geëlektrifiseerde heinings

##### **HOOFSTUK III AANGELEENTHEDE RAKENDE DIE JAG VAN WILDE DIERE**

7. Die jag, vang of vernietiging van sekere wilde diere
8. Die jag van groot roofdiere
9. Vereistes wanneer wilde diere in artikel 10(1)(b) van die Wet genoem, gejag word
10. Vereistes wanneer wilde diere in artikel 10(2) van die Wet genoem, gewond word
11. Permit vir die jag van wilde diere wat skade aan landbou-opbrengste aanrig
12. Permit om wilde diere in sekere toestande te jag
13. Oordrag van jagregte

##### **HOOFSTUK IV AANGELEENTHEDE RAKENDE VERBODE JAGMETODES OF -INSTRUMENTE**

14. Vereistes vir permitte om wilde diere deur middel van verbode jagmetodes of -instrumente te jag
15. Vereistes vir die gebruik van verbode jagmetodes of -instrumente
16. Bepalings ten opsigte van die gebruik van slagysters, stelgewere, gifhalsbande of gifskiet-apparate
17. Bepalings ten opsigte van die gebruik van vanghokke
18. Bepalings ten opsigte van jag met honde of 'n trop jaghonde
19. Beskikbaarheid van teenmiddels

20. Bepalings ten opsigte van die gebruik van gifhalsbande

**HOOFSTUK V  
AANGELEENTHEDE RAKENDE NATUURLEWE-OPERATEURS**

21. Kriteria vir die instelling van natuurlewefasiliteite in artikel 27(2)(a) van die Wet bedoel  
22. Terugtrekking van sekere permitte  
23. Toetsspanne vir natuurlewe-operateurs  
24. Natuurlewe-operateursregister  
25. Ondersteunende dokumentasie

**HOOFSTUK VI  
AANGELEENTHEDE RAKENDE PROFESSIONELE JAGTERS**

26. Kwalifiseringskriteria vir professionele jagters  
27. Aansoek om 'n professionele-jagterspermit vir die jag van gewone wild  
28. Aansoek om 'n professionele-jagterspermit vir die jag van gevaarlike wild  
29. Aansoek om hernuwing van 'n professionele-jagterspermit  
30. Verantwoordelikhede van professionele jagters  
31. Register wat professionele jagters moet hou  
32. Algemene voorwaardes

**HOOFSTUK VII  
AANGELEENTHEDE RAKENDE JAGKONTRAKTEURS EN -AGENTE**

33. Kriteria om as 'n jagkontraakteur te kwalifiseer  
34. Aansoek om 'n jagkontraakteurspermit  
35. Aansoek om hernuwing van 'n jagkontraakteurspermit  
36. Verantwoordelikhede van jagkontraakteurs  
37. Register wat, of ooreenkoms waarby, jagkontraakteur moet hou  
38. Advertensiemateriaal en bemarking  
39. Agente  
40. Kliënte  
41. Suid-Afrikaanse burgers  
42. Algemene voorwaardes

**HOOFSTUK VIII  
AANGELEENTHEDE RAKENDE OPLEIDINGSVERSKAFFERS BY PROFESSIONELE  
JAGSKOLE**

43. Kriteria om as 'n opleidingsverskaffer vir 'n professionele jagskool te kwalifiseer  
44. Verantwoordelikhede van opleidingsverskaffers van 'n professionele jagskool  
45. Aansoek om 'n permit om as 'n opleidingsverskaffer van 'n professionele jagskool op te tree  
46. Aansoek om hernuwing van 'n permit om as 'n opleidingsverskaffer vir 'n professionele jagskool op te tree  
47. Algemene voorwaardes

**HOOFSTUK IX  
AANGELEENTHEDE RAKENDE TAKSIDERMISSE**

48. Bedryfsvereistes vir 'n taksidermisfasiliteit

- 49. Taksidermisregister
- 50. Ontvangs en versending van dierkarkasse, -produkte of -derivate
- 51. Toepassing van sekere bepalinge van hierdie Hoofstuk op dompel-en-skeepagente

**HOOFSTUK X  
AANGELEENTHEDE RAKENDE HERVESTIGING VAN WILD**

- 52. Permit om wilde diere in sekere toestande te vang
- 53. Hervestiging van sekere wilde diere
- 54. Wildkarweiregisters
- 55. Geoorloofde gebruik van wildkarweiregister
- 56. Verantwoordelikhede van wildvangers of -karweiers
- 57. Verantwoordelikhede van verkopers of verskaffers van wilde diere wat hervestig gaan word, by die plek van gevangeneming
- 58. Verantwoordelikhede van kopers of ontvangers van hervestigde wilde diere by die plek van aflewering
- 59. Verantwoordelikhede van bestuurders van die hervestigingsvoertuie
- 60. Hulptransportvoertuie

**HOOFSTUK XI  
AANGELEENTHEDE RAKENDE ONGEDIERTEJAGTERS**

- 61. Kwalifiseringskriteria vir ongediertejagters
- 62. Aansoek om 'n ongediertejagterspermit
- 63. Aansoek om hernuwing van 'n ongediertejagterspermit
- 64. Verantwoordelikhede van ongediertejagters
- 65. Register wat ongediertejagters moet hou
- 66. Algemene voorwaardes

**HOOFSTUK XII  
AANGELEENTHEDE RAKENDE KARKASSE OF DERIVATE**

- 67. Aangeleentheid rakende olifant-ivoor of renosterhorings
- 68. Karkasse van wilde diere op openbare paaie

**HOOFSTUK XIII  
AANGELEENTHEDE RAKENDE DIE AANHOU VAN DIERE**

- 69. Die aanhou van groot roofdiere, inheemse primate of skadelike diere
- 70. Aanhouding van diere in gevangeskap
- 71. Minimum spesifikasies vir hokke
- 72. Bepaling van minimum vereistes en hokgroottes
- 73. Hokvereistes vir sekere spesies
- 74. Hokvrystelling vir sekere spesies
- 75. Spesiale bepalinge vir die aanhou of gevangenhouding van wilde diere deur sekere persone
- 76. Voorskrifte ten opsigte van veranderinge aan hokke vir die aanhou van wilde diere
- 77. Minimum veiligheidsvereistes vir hokke en gevangenhouding van sekere spesies
- 78. Minimum buffersone vir sekere spesies
- 79. Vrystelling van hokgroottes wanneer wilde diere in gevangeskap gehou word
- 80. Die voer van wilde diere op of vanaf 'n openbare pad
- 81. Verbodsbepalinge ten opsigte van giftige wilde diere

**HOOFSTUK XIV  
AANGELEENTHEDE RAKENDE AMFIBIEË EN REPTIELE**

- 82. Verbodsbepaling ten opsigte van die vang en aanhou van of handel in amfibieë of reptiele
- 83. Bepalings ten opsigte van die vang en aanhou van of handel in amfibieë of reptiele
- 84. Bepalings ten opsigte van die handel in amfibie- of reptielspesies
- 85. Permitte vir die aanhou van uitheemse amfibieë of reptiele
- 86. Bepalings ten opsigte van herpetologie

**HOOFSTUK XV  
AANGELEENTHEDE RAKENDE VOËLS**

- 87. Verbodsbepalings ten opsigte van die vang en aanhou van of handel in inheemse voëls
- 88. Bepalings ten opsigte van die vang, ring en vrylaat van voëls
- 89. Bepalings ten opsigte van die handel in inheemse kouvoëlspesies
- 90. Bepalings ten opsigte van die handel in uitheemse voëlspesies op CITES gelys
- 91. Bepalings ten opsigte van kraanvoëlspesies
- 92. Bepalings ten opsigte van roofvoëls
- 93. Bepalings ten opsigte van valkejag

**HOOFSTUK XVI  
AANGELEENTHEDE RAKENDE VIS**

- 94. Aantal en grootte vis wat gevang en gehou kan word
- 95. Vereistes vir permitte om nette vir visvang te gebruik

**HOOFSTUK XVII  
AANGELEENTHEDE RAKENDE VAARTUIE**

- 96. Verbode handelings met betrekking tot vaartuie

**HOOFSTUK XVIII  
AANGELEENTHEDE RAKENDE LUGVAARTUIE**

- 97. Vliegsones met hoogtebeperking
- 98. Verbode handelings met betrekking tot lugvaartuie

**HOOFSTUK XIX  
AANGELEENTHEDE RAKENDE PLANTE**

- 99. Kwekeryregister of -faktuurboek
- 100. Vereistes vir permitte om plante in te samel

**HOOFSTUK XX  
ALGEMENE AANGELEENTHEDE**

- 101. Kriteria wat die Direkteur in ag neem by die oorweging van aansoeke
- 102. Bevoegdheede van natuurbevaarders ten opsigte van sekere vaartuie, lugvaartuie en voertuie
- 103. Prosedure ná beslaglegging op items
- 104. Verval of hernuwing van dokumente in artikel 60(a) van die Wet genoem
- 105. Oorgangsreëlings ten opsigte van heinings vir wildplase

106. Versuim om voorwaardes na te kom  
 107. Verandering van persoonlike besonderhede  
 108. Kort titel

## INDELING VAN REGULASIES

### HOOFSTUK I UITLEG

#### Woordomskrywing en uitleg

1. (1) In hierdie Regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

**“agent”**, met betrekking tot ‘n professionele jagter of ‘n jagkontraakteur, enigiemand wat nie ‘n jagkontraakteur is nie en op enige moontlike wyse betrokke is by die organisering, bespreking, kontraktering of enige onderhandeling met die doel om ‘n kliënt in staat te stel om ‘n wilde dier te jag, en ook ‘n jag-agent, safari-agent of safari-operateur;

**“beskernde gebied”** ‘n beskernde gebied in artikel 9(a) van die “National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003 (Act No. 57 of 2003)” bedoel;

**“die Wet”** die Noord-Kaap Natuurbewaringswet, 2009 (Wet No. 9 van 2009);

**“gevaarlike wild”** olifante, renosters, buffels, leeus, luiperds en seekoeie;

**“gewone wild”** enige wilde dier, maar nie olifante, renosters, buffels, leeus, luiperds en seekoeie nie;

**“goedgekeurde kursus”** ‘n kursus wat aangebied word by ‘n opleidingsinstituut waarvan die leerplan deur die Direkteur goedgekeur is;

**“groot karnivoor”** ‘n leeu, ‘n luiperd, ‘n jagluiperd, ‘n strandjut, ‘n gevlekte hiëna of ‘n wilde hond;

**“jagkamp”** ‘n permanente of semi-permanente kamp, deur die Direkteur goedgekeur, met die jagfasiliteite, dienste en geriewe soos in Bylae X uiteengesit;

**“kliënt”**, met betrekking tot –

- (a) ‘n professionele jagter;
- (b) ‘n jagkontraakteur; of
- (c) ‘n agent,

iemand wat nie ‘n Suid-Afrikaanse burger is nie;

**“lugvaartuig”** enige vliegtuig, helikopter, mikroligte vliegtuig, lugskip, lugballon, hangsweeftuig of valskermsweeftuig;

**“mantel”** die ruwe, onbewerkte of gelooide, bewerkte gedeelte van die diervel wat op so ‘n wyse uitgeslag is dat dit tot ‘n lewensgetroue replika van die dier gerestoureer kan word, en ook ‘n **“volmantel”** of **“skouermantel”**;

**“mede-professionele jagter”** ‘n professionele jagter in vennootskap met ‘n jagkontraakteur per skriftelike ooreenkoms, waarin die jagkontraakteur onderneem om sekere gespesifiseerde werksaamhede voorgeskryf deur hierdie Regulasies namens die professionele jagter uit te voer;

**“olifant-ivoor”**, met betrekking tot merk en registrasie, enige stuk olifant tand wat meer as 20cm lank is én meer as 1kg weeg, hetsy gesnede al dan nie;

**“opleidingsinstituut”** ‘n instituut deur die Direkteur goedgekeur, om enige kategorie van persone in artikel 27 van die Wet genoem op te lei, hul kennis, vermoë, vaardigheid en ervaring te assesser, te modereer, te eksamineer, te her-eksamineer of te her-evalueer, en ook ‘n **“professionele jagskool”**;

**“opleidingverskaffer”** iemand wat die houër is van ‘n permit om die hoof van ‘n opleidingsinstituut te wees, en ook ‘n **“direkteur van ‘n professionele jagskool”** in artikel 27 van die Wet genoem;

**“permanente-verblyfpermit”** ‘n permit soos in artikel 28 van die Wet op Vreemdelingebeheer, 1991 (Wet No. 96 van 1991) bedoel, en **“permanente inwoner”** het ‘n ooreenstemmende betekenis;

**“professionele jagskool”** ‘n opleidingsinstituut vir die opleiding van professionele jagters en jagkontraakteurs;

**“renosterhoring”**, met betrekking tot merk, ‘n renosterhoring of gedeelte daarvan wat langer as 10 cm is;

**“skouermantel”** die ruwe, onbewerkte of gelooide, bewerkte gedeelte van die diervel wat vanaf die gesig, ore en mond strek, die nek tot die bors insluit en agter die voorbene om die liggaam gesny word tot bo by die skof, uitgeslag sodat die volledige voorkant van die dier tot ‘n lewensgetroue replika van die dier gerestoureer kan word;

**“skouermontering”** ‘n **“skouermantel”** wat tot ‘n lewensgetroue replika van die voorste gedeelte van die dier gerestoureer is;

**“taksidermie”** die voorbereiding van die vel, horings of ander derivate van ‘n dier, voël of vis vir die doel van preservering of die reproduksie van ‘n lewensgetroue replika, en ook die **“dompel-en-skeep”**-proses;

**“trofee”** enige gedeelte van die karkas van ‘n wilde dier wat ‘n kliënt as ‘n aandenking van sy of haar jagsukses hou;

**“voertuig”** enige selfaangedrewe voertuig en ook enige tuig of lugvaartuig;

**“volledige montering”** ‘n **“volmantel”** wat tot ‘n lewensgetroue replika van die volledige dier gerestoureer is; en

**“volmantel”** die ruwe, onbewerkte of gelooide, volledige vel wat vanaf die gesig, ore en mond oor die hele liggaam van die dier strek, die hoewe, kloue, ore, neus, lippe en ander liggaamsdele ook uitgeslag, sodat die hele dier tot ‘n lewensgetroue replika van die dier gerestoureer kan word.

- (2) Wanneer enige woord of uitdrukking wat in die Wet omskryf word in hierdie Regulasies gebruik word, het dit, tensy dit nie met die samehang strook nie, dieselfde betekenis as wat in die Wet daaraan toegeken is.

## **HOOFSTUK II HEININGSPEKIFIKASIES**

### **Grond wat toereikend afgekamp moet word**

2. Grond moet toereikend afgekamp word as –
- (a) die grond deel vorm van ‘n wildplaas in artikel 24 van die Wet bedoel;
  - (b) die grond deel vorm van ‘n beskermde gebied;
  - (c) gevaarlike wild op die grond voorkom; of
  - (d) enige uitheemse karnivoor- of herbivoorspesie op die grond voorkom.

### **Minimum spesifikasies van heinings vir herbivoorspesies**

3. (1) Grond is toereikend afgekamp as die kategorie heining wat die grond insluit of verdeel, wat vir ‘n wilde herbivoorspesie vereis word, aan die vereistes van subregulasies (2) en (3) voldoen.
- (2) Die minimum vereistes van toepassing op elke kategorie heining word in Blylae I gespesifiseer.
- (3) Die wilde dierspesies wat vir elke kategorie heining goedgekeur is, word in Blylae II gespesifiseer.

### **Minimum spesifikasies van heinings vir gevaarlike wildspesies**

4. (1) Grond is toereikend afgekamp as die kategorie heining wat die grond insluit of verdeel, wat vir ‘n wilde dierspesie vereis word, aan die vereistes van subregulasies (2) en (3) voldoen.
- (2) Die minimum vereistes van toepassing op elke kategorie heining word in Blylae III gespesifiseer.
- (3) Die wilde dierspesies wat vir elke kategorie heining goedgekeur is, word in Blylae IV gespesifiseer.

### **Minimum spesifikasies van heinings vir groot karnivoorspesies**

5. (1) Grond is toereikend afgekamp as die kategorie heining wat die grond insluit of verdeel, wat vir ‘n groot karnivoorspesie vereis word, aan die vereistes van subregulasies (2), (3) en (4) voldoen.

- (2) 'n Heining vir 'n groot karnivoorspesie moet geëlektrifiseer wees en uit 18 tot 21 normale drade en minstens 5 lewendige drade bestaan, en in die geval van 'n luiperd moet elke hoekpaal met 'n vertikale lewendige draad beskerm word.
- (3) Die minimum vereiste van toepassing op elke kategorie heining word in Blylae III gespesifiseer.
- (4) Die wilde dierspesies wat vir elke kategorie heining goedgekeur is, word in Blylae IV gespesifiseer.

### **Minimum spesifikasies van geëlektrifiseerde heinings**

6. (1) 'n Geëlektrifiseerde heining het by elke stasie –
  - (a) 'n kragtoevoer wat bestaan uit –
    - (i) twee 60 amp/uur nat-selbatterye in serie geskakel;
    - (ii) twee GS-voltreëlaars;
    - (iii) 'n energiewekker met 'n 9000 volt minimum afvoer; en
    - (iv) 'n maksimum energie-ontlading van hoogstens 8 joule per impuls, gemeet by 'n weerstand van 500 ohm;
  - (b) sonkragstasies –
    - (i) aan die binnekant van die heining;
    - (ii) hoogstens 10 kilometer uitmekaar; en
    - (iii) omhein deur 5 geëlektrifiseerde drade om skade deur diere te verhoed.
- (2) 'n Geëlektrifiseerde heining moet 'n kontrolestelsel hê, maar indien geen kontrolestelsel bestaan nie, moet die heining daagliks geïnspekteer en onderhou word.
- (3) 'n Kontrolestelsel in subregulasie (2) bedoel, kontroleer –
  - (a) volgehoue kontak met alle senders in die stelsel;
  - (b) enige uitskakeling of onderbreking van die heininglyn;
  - (c) enige kortsluiting in die elektriese stelsel;
  - (d) die lading van alle batterye;
  - (e) die faling van 'n energiewekker,

en beskik oor 'n doeltreffende battery-bystandstelsel.



### HOOFSTUK III AANGELEENTHEDE RAKENDE DIE JAG VAN WILDE DIERE

#### Die jag, vang of vernietiging van sekere wilde diere

7. Die Direkteur kan iemand opdrag gee of magtig om 'n wilde dier te vang, te jag of te vernietig as –
- (a) sodanige dier 'n gevaar vir menslike lewe of eiendom mag inhou; of
  - (b) die Direkteur van mening is dat die vang, jag of vernietiging van sodanige dier in die belang van natuurbewaring is.

#### Die jag van groot roofdiere

8. (1) 'n Permit om 'n groot roofdier te jag, word slegs deur die Direkteur uitgereik behoudens die voorwaardes dat die roofdier wat gejag gaan word –
- (a) sy oorsprong het, en in 'n selfonderhoudende staat voorgekom het, binne 'n ekstensiewe wildsisteem vir 'n tydperk van minstens 6 maande vóór die jag;
  - (b) sy oorsprong in gevangenhouding het en in 'n selfonderhoudende staat in 'n ekstensiewe wildsisteem voorgekom het vir 'n tydperk van minstens 24 maande vóór die jag;
  - (c) nie gejag word vanuit 'n skuiling of enige ander mensgemaakte struktuur wat die jagter verskuil of beskerm teen die dier wat gejag gaan word nie; en
  - (d) nie gejag word met 'n vliegtuig, voertuig, vaartuig of enige ander verbode jagmetode of -instrument in artikel 9(1) van die Wet genoem nie.
- (2) Die bepalings van subregulasie 1(c) is nie op die jag van 'n luiperd van toepassing nie.
- (3) 'n Groot-roofdierjag vind plaas slegs in die teenwoordigheid van 'n natuurbewaarder wat deur die Direkteur toegewys is.

#### Vereistes wanneer wilde diere in artikel 10(1)(b) van die Wet genoem, gejag word

9. (1) Enigiemand wat 'n wilde dier in artikel 10(1)(b) van die Wet genoem, jag, moet begelei word deur minstens twee professionele jagters van wie een vir die jag van sodanige dier gekwalifiseerd is.
- (2) Die bepalings van subregulasie (1) is nie van toepassing op 'n natuurbewaarder of iemand in artikel 5(1)(a) of (b) van die Wet bedoel nie.

#### Vereistes wanneer wilde diere in artikel 10(2) van die Wet genoem, gewond word

10. Wanneer enigiemand kragtens artikel 10(2) van die Wet aanmeld dat hy of sy 'n wilde dier gewond of waarskynlik gewond het, vermeld hy of sy –
- (a) sy of haar naam en residensiële adres;

- (b) die wilde dierspesie wat gewond is of waarskynlik gewond is;
- (c) die tyd waarop en die plek waar die betrokke wilde dier gewond is of vermoedelik gewond is en die naam van die plaas waar die voorval plaasgevind het;
- (d) die kaliber van die vuurwapen wat gebruik is;
- (e) die aantal skote wat afgevuur is; en
- (f) of die wilde dier agtervolg is en, indien wel, die besonderhede van die agtervolging.

### **Permit vir die jag van wilde diere wat skade aan landbou-opbrengste aanrig**

11. (1) 'n Permit kragtens hierdie regulasie uitgereik, kan slegs uitgereik word vir die jag van 'n wilde dier wat nie 'n skadelike dier is nie maar skade aan landbou-opbrengste op enige grond aanrig.
- (2) Die Direkteur kan 'n permit uitreik vir die jag van 'n dier in subregulasie (1) bedoel, as hy of sy oortuig is dat –
- (a) 'n individuele dier of diere van 'n sekere spesie omvattende skade aan landbou-opbrengste op die grond van die aansoeker aanrig;
  - (b) die aansoeker alle redelike voorsorgmaatreëls getref het om die skade wat na bewering deur sodanige dier of diere veroorsaak word, te voorkom;
  - (c) die jag van die dier of diere nie die bevolking van sodanige spesie wat in die gebied voorkom, sal benadeel nie;
  - (d) die metode wat gebruik word nie 'n negatiewe uitwerking op 'n sensitiewe bevolking van 'n nie-geteikende spesie, of enige ander nadelige ekologiese implikasie sal hê nie;
  - (e) die aantal diere wat gejag gaan word verdere skade doeltreffend sal voorkom; en
  - (f) die aansoeker elke aangrensende grondeienaar skriftelik in kennis gestel het van sy of haar voorneme om 'n aansoek kragtens hierdie regulasie te doen.
- (3) Die jag in subregulasie (1) bedoel, vind slegs in die teenwoordigheid van 'n natuurbewaarder plaas.
- (4) Die karkas van 'n wilde dier wat gejag word met 'n permit kragtens hierdie regulasie uitgereik, is die eiendom van die Provinsie.

### **Permit om wilde diere in sekere toestande te jag**

12. (1) Die Direkteur kan alleenlik 'n permit uitreik vir die jag van 'n wilde dier op grond wat nie 'n wildsplaas is nie –
- (a) buite die tydperk soos bepaal deur 'n kennisgewing kragtens artikel 6(2) van die Wet uitgereik;
  - (b) sonder 'n geldige jaglisensie deur artikel 7(1) van die Wet vereis;

- (c) bo die daaglikse kwotaperk in artikel 8 van die Wet bedoel; of
- (d) deur middel van 'n verbode jagmetode of –instrument in artikel 9(1) van die Wet bedoel;

as hy of sy oortuig is dat –

- (i) die dier of diere wat gejag gaan word in voldoende getalle op die grond van die aansoeker voorkom om 'n lewensvatbare populasie te verseker;
  - (ii) die jag van die dier of diere nie die bevolking van sodanige spesie wat in die gebied voorkom, sal benadeel nie;
  - (iii) die metode wat gebruik word nie 'n negatiewe uitwerking op 'n sensitiewe bevolking van 'n nie-geteikende spesie, of enige ander nadelige ekologiese implikasie sal hê nie;
  - (iv) die aansoeker elke aangrensende grondeienaar skriftelik in kennis gestel het van sy of haar voorneme om 'n aansoek kragtens hierdie regulasie te doen.
- (2) 'n Aangrensende grondeienaar wat van 'n aansoek kragtens hierdie regulasie in kennis gestel is, kan binne 'n tydperk van 7 dae ná ontvangs van die kennisgewing skriftelike versoë ten opsigte van die aansoek aan die Direkteur rig.

### **Oordrag van jagregte**

13. 'n Grondeienaar wat enige van sy of haar jagregte kragtens artikel 16 van die Wet oordra, moet dit doen deur middel van 'n dokument wat minstens die inligting in artikel 14(2) van die Wet uiteengesit, asook die omvang van die regte wat oorgedra word, bevat.

## **HOOFSTUK IV**

### **AANGELEENTHEDE RAKENDE VERBODE JAGMETODES OF -INSTRUMENTE**

#### **Vereistes vir permitte om wilde diere deur middel van verbode jagmetodes of -instrumente te jag**

14. (1) Behoudens die bepalings van artikel 9 van die Wet en hierdie Hoofstuk kan die Direkteur 'n permit om 'n wilde dier deur middel van 'n verbode jagmetode of -instrument te jag, slegs uitreik as hy of sy oortuig is dat –
- (a) die aansoeker bevoeg is om die toepaslike metode of instrument te gebruik;
  - (b) die skriftelike toestemming van die grondeienaar vooraf verkry is;
  - (c) die dierspesie voorkom op die eiendom waar die jag gaan plaasvind;
  - (d) as beweer word dat die dier of diere wat gejag gaan word, skade aanrig, die aansoeker alle redelike voorsorgmaatreëls getref het om die skade wat na bewering deur sodanige dier of diere aangerig word, te voorkom; en

- (e) die jagmetode of -instrument wat gebruik word nie 'n negatiewe uitwerking op 'n sensitiewe bevolking van 'n nie-geteikende spesie, of enige ander nadelige ekologiese implikasie sal hê nie.
- (2) Die Direkteur kan die spesifikasie en gebruiksmetode bepaal van elke instrument wat aangewend word gedurende 'n jag wat gemagtig is deur 'n permit kragtens artikel 9(1) van die Wet uitgereik.

### **Vereistes vir die gebruik van verbode jagmetodes of -instrumente**

15. (1) 'n Permit kragtens artikel 9(1)(b), (f), (g), (h), (i), (o) of (u) van die Wet word slegs aan 'n grondeienaar of ongediertejagter uitgereik.
- (2) Die houer van 'n permit kragtens artikel 9(1) van die Wet uitgereik, jag nie 'n wilde dier wat in sodanige permit gespesifiseer word nie, tensy –
- (a) hy of sy, as hy of sy nie die grondeienaar is nie, vooraf die skriftelike toestemming gekry het van die grondeienaar van grond waarop die jag gaan plaasvind;
  - (b) elke persoon wat op die grond waar die jag gaan plaasvind woon of teenwoordig is en elke aangrensende grondeienaar of okkupeerder van grond wat aan sodanige grond grens ten minste 24 uur voor die tyd in kennis gestel is van –
    - (i) die plek waar en die datum waarop die jag gaan plaasvind;
    - (ii) die metode of instrument wat gedurende die jag gebruik gaan word; en
    - (iii) enige gevaar wat met die jag gepaardgaan,

en hy of sy vooraf 'n waarskuwingsteken, in die vorm wat die Direkteur bepaal, aangebring het by elke toegang tot die grond waarop die jag gaan plaasvind en sodanige waarskuwingsteken vir die volledige duur van die jag aangebring word.
- (3) Die houer van 'n permit kragtens artikel 9(1) van die Wet uitgereik, moet –
- (a) vir die duur van die jag daaglik –
    - (i) die terrein waar die verbode jagmetode of -instrument gebruik word, inspekteer; en
    - (ii) redelike stappe doen om die karkas van elke dier wat gejag is, op te spoor;
  - (b) na afloop van die jag onverwyld –
    - (i) van die grond waarop hy of sy gejag het –
      - (aa) elke instrument wat gedurende die jag gebruik is, verwyder; of
      - (bb) as gif gebruik is, die gif verwyder en op 'n doeltreffende wyse van sodanige gif ontslae raak; en

- (ii) ontslae raak van die karkas van elke dier wat gejag is, hetsy deur –
  - (aa) dit minstens een meter diep te begraaft en met kalk te bedek; of
  - (bb) dit te verbrand deur genoeg diesel-olie te gebruik om volledige verbranding en vernietiging te verseker.

**Bepalings ten opsigte van die gebruik van slagysters, stelgewere, gifhalsbande of gifskiet-apparate**

16. (1) 'n Persoon wat deur 'n permit kragtens artikel 9(1) van die Wet uitgereik, gemagtig is om deur middel van 'n slagyster, stelgeweer, gifhalsband of gifskiet-apparaat te jag, mag nie sodanige instrument stel –
- (a) in 'n –
    - (i) voetpad;
    - (ii) wildspaadjie;
    - (iii) voertuigspoor;
  - (b) op 'n plek waar wilde diere oor 'n heining beweeg of onderdeur dit graaf;
  - (c) binne 'n afstand van –
    - (i) 100 m vanaf 'n openbare pad;
    - (ii) 50 m vanaf 'n byekorf;
    - (iii) 20 m vanaf enige suipplek;
    - (iv) 10 m vanaf 'n grensdraad van enige grond;
  - (d) naby 'n woning of 'n plek waar dit waarskynlik is dat 'n persoon, 'n troeteldier of vee die val kan aftrap; of
  - (e) naby die habitat van 'n kolonie van nie-geteikende diere nie.
- (2) Wanneer 'n jag in subregulasie (1) bedoel, onderneem word, moet die persoon wat die jag onderneem –
- (a) voordat 'n instrument in posisie geplaas word of gif uitgesit word, aanteken –
    - (i) watter spesie gejag gaan word;
    - (ii) die metode wat in die jag gebruik gaan word;
    - (iii) die aantal en beskrywing van die instrumente wat in die jag gebruik gaan word;
    - (iv) die soort gif wat in die jag gebruik gaan word;

- (b) nadat 'n instrument in posisie geplaas of gif uitgesit is, aanteken –
  - (i) presies waar sodanige instrument geplaas of gif uitgesit was; en
  - (ii) die datum en tyd waarop die instrument geplaas of gif uitgesit was;
- (c) na afloop van die jag, aanteken –
  - (i) hoe daar ontlae geraak is van gif wat gedurende die jag gebruik is;
  - (ii) die datum en tyd waarop 'n instrument of gif verwyder is; en
  - (iii) die spesies en aantal diere wat in die jag doodgemaak is.

### **Bepalings ten opsigte van die gebruik van vanghokke**

17. 'n Grondeienaar of iemand wat deur 'n permit kragtens artikel 9(1) van die Wet uitgereik, gemagtig is om met 'n vanghok te jag –
- (a) mag 'n dier wat gevang is nie in die hok los vir 'n langer tydperk as wat redelikerwys nodig is nie, maar nie vir 'n tydperk wat 12 uur oorskry nie;
  - (b) mag nie die deur van 'n vanghok wat nie in gebruik is, ooplaat nie; en
  - (c) moet 'n nie-geteikende dier wat in die hok gevang word, onverwyld vrylaat.

### **Bepalings ten opsigte van jag met honde of 'n trop jaghonde**

18. (1) Met betrekking tot 'n aansoek gedoen kragtens artikel 9(1)(s) van die Wet en behoudens die bepalings van artikel 2(1)(g) van die Dierebeskermingswet, 1962 (Wet No. 71 van 1962), mag geen jag met honde of jaghonde plaasvind nie, tensy die trop by die Direkteur geregistreer is en die jag op 'n beheerste wyse onderneem word, soos deur die Direkteur bepaal.
- (2) Niemand mag op sy of haar grond jag of toelaat dat enige ander persoon jag met 'n hond of 'n trop honde nie, tensy –
- (a) die hond of elke lid van die trop honde behoorlik opgelei is om die wilde dier wat geteiken word, te jag;
  - (b) voldoende beheer oor sodanige hond of trop honde uitgeoefen word om te verseker dat geen nie-geteikende dier gesteur, gejaag, gevang of doodgemaak word nie.
- (3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2)(a), kan die Direkteur 'n permit uitreik om te jag met honde wat opgelei word, behoudens die voorwaardes wat hy of sy mag bepaal.

### **Beskikbaarheid van teenmiddels**

19. Iemand wat deur 'n permit kragtens artikel 9(1) van die Wet uitgereik, gemagtig word om deur middel van 'n bedwelmende of verdowende middel of gif te jag, moet te alle tye die teenmiddel vir die neutralisering van die werking van sodanige bedwelmende of verdowende middel of gif byderhand hê.

## Bepalings ten opsigte van die gebruik van gifhalsbande

20. Iemand wat gemagtig is om deur middel van 'n gifhalsband te jag, moet –
- (a) as 'n dier wat 'n gifhalsband dra die aanval van 'n roofdier oorleef, onmiddellik die wol of hare van die nekarea van sodanige dier afskeer en begrawe of die wol of hare verbrand;
  - (b) gebruikte en beskadigde gifhalsbande in 'n verseelde houer bêre totdat met veiligheid daarvan ontslae geraak kan word; en
  - (c) alle gifhalsbande wat nie gebruik word nie, in veilige bewaring hou.

## HOOFSTUK V

### AANGELEENTHEDE RAKENDE NATUURLEWE-OPERATEURS

#### Kriteria vir die instelling van natuurlewefasiliteite in artikel 27(2)(a) van die Wet bedoel

21. (1) Die Direkteur kan 'n permit om 'n natuurlewefasiliteit in artikel 27(2)(a) van die Wet bedoel, in te stel en te onderhou, uitreik alleenlik soos in subregulasie (2), (3), (4), (5), (6) of (7) bepaal.
- (2) 'n Teelfasiliteit in gevangenhouding vir die teel van 'n spesiaal-beskermd dierspesie kan alleenlik ingestel word as die Direkteur oortuig is dat die teelfasiliteit tot die uiteindelijke oorlewing van die spesie sal bydra en word ingestel met die uitsluitlike doel –
- (a) om die dier wat by die fasiliteit geteel word in sy natuurlike omgewing terug te plaas;
  - (b) om die dier aan 'n dierkundige fasiliteit of ander teelfasiliteite van 'n soortgelyke aard te verskaf; of
  - (c) van handel in CITES I-spesies,
- maar vir die doeleindes van hierdie subregulasie sluit **“teelfasiliteit in gevangenhouding”** nie die teel van enige ander voëlspesie waarvoor 'n permit uitgereik is, in nie.
- (3) 'n Opvoedkundige fasiliteit kan alleenlik ingestel word vir die aanhouding van 'n wilde dier wat uitgestal word as deel van 'n opvoedkundige program wat deur die Direkteur goedgekeur is.
- (4) 'n Dierkundige fasiliteit of akwarium kan alleenlik ingestel word as sodanige fasiliteit geregistreer is by 'n nasionale of internasionale vereniging vir dierkundige of akwariumfasiliteite wat deur die Direkteur goedgekeur is.
- (5) 'n Handelfasiliteit kan alleenlik ingestel word vir die tydelike aanhouding van 'n wilde dier van 'n bepaalde spesie of spesiekategorie, met die uitsluitlike doel om sodanige dier op te veil of te verhandel.
- (6) 'n Rehabilitasiefasiliteit kan alleenlik ingestel word vir die tydelike aanhouding en rehabilitasie van 'n wees, beseerde of siek dier van 'n bepaalde spesie of spesiekategorie, met die uitsluitlike doel om –

- (a) die dier wat sodanig gerehabiliteer is in sy natuurlike omgewing terug te plaas; of
  - (b) die dier wat sodanig gerehabiliteer is aan enige ander geskikte fasiliteit wat deur die Direkteur goedgekeur is, te verskaf.
- (7) 'n Veilige-hawefasiliteit kan alleenlik ingestel word vir die langtermyn aanhouding van 'n wilde dier wat beseer is of andersins tot so 'n mate onbekwaam geraak het dat hy nie gerehabiliteer kan word om suksesvol in sy natuurlike omgewing teruggeplaas te word nie.
- (8) Vir die doel van hierdie regulasie beteken **“in sy natuurlike omgewing terugplaas”** om te herstel tot 'n toestand waarin hy in staat is om geheel en al vir homself te sorg sonder enige menslike bystand vir sy oorlewing.
- (9) Indien nie spesifiek in die Wet of hierdie Regulasies voorsien nie, kan die Direkteur die standaard van enige natuurlewefasiliteit in artikel 27(2) van die Wet bedoel, bepaal.

### **Terugtrekking van sekere permitte**

22. 'n Permit wat aan 'n natuurlewehandelaar, die eienaar van 'n wildplaas of die eienaar van 'n kwekery in ooreenstemming met artikel 27 van die Wet uitgereik word, kan kragtens artikel 60(b)(i) van die Wet deur die Direkteur teruggetrek word, indien die permithouer –
- (a) 'n toets, eksamen of hereksamen in regulasie 23 bedoel (indien van toepassing) druip;
  - (b) verkeerde of misleidende inligting oor sy of haar aktiwiteite adverteer;
  - (c) versuim om, tot bevrediging van die Direkteur, enige beswaar teen hom of haar op te los binne 90 dae vanaf die datum van kennisgewing deur die Direkteur; of
  - (d) skuldig bevind is op grond van enige bepaling van die Wet of enige van hierdie Regulasies of enige soortgelyke wet of regulasie wat ingevolge daarvan geld.

### **Toetsspanne vir natuurlewe-operateurs**

23. (1) Met betrekking tot enige aansoek kragtens artikel 27 van die Wet gedoen, kan die Direkteur of iemand wat kragtens subregulasie (2) aangestel is –
- (a) die aansoeker oplei of sy of haar kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring assessee, modereer, eksamineer, her-eksamineer, evalueer of her-evalueer; en
  - (b) die aansoeker se vermoë om die toepaslike dienste en fasiliteite te voorsien en te lewer, evalueer of her-evalueer.
- (2) Die Direkteur kan na sy of haar goeë dunnke 'n persoon of span persone aanstel wat na sy of haar mening bevoeg is om 'n aansoeker op te lei, te assessee, te modereer, te eksamineer, te her-eksamineer, te evalueer of te her-evalueer, en aan hom of haar daarvoor verslag te doen.
- (3) Die Direkteur kan 'n lid van 'n toetsspan aanstel as die leier daarvan, om die werksaamhede van die lede van die toetsspan te koördineer en te kontroleer.



- (4) Iemand kragtens subregulasie (2) of (3) aangestel, wat nie 'n werknemer van die Staat is nie, kan sodanige besoldiging en sodanige toelaes betaal word as wat die verantwoordelike Lid, met die instemming van die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Finansies in die Provinsie, van tyd tot tyd mag bepaal.
- (5) Die Direkteur kan behoudens artikel 60 van die Wet te eniger tyd die aanstelling van enigiemand wat kragtens subregulasie (2) of (3) aangestel is, beëindig.
- (6) Indien hierdie Regulasies nie anders voorsien nie, kan die Direkteur of 'n persoon in subregulasie (2) bedoel, 'n serfitikaat van bevoegdheid of voldoening, na gelang van die geval, uitreik aan enige aansoeker in subregulasie (1) bedoel, as sodanige aansoeker voldoen aan die standaard wat die Direkteur bepaal.

### **Natuurlewe-operateursregister**

- 24. Met betrekking tot enige permit kragtens artikel 27 van die Wet uitgereik, moet die permithouer die toepaslike register, soos deur die Direkteur bepaal, byhou as die Direkteur dit as nodig beskou.

### **Ondersteunende dokumentasie**

- 25. 'n Natuurlewe-handelaar, die eienaar van 'n wildplaas, die eienaar van 'n kwekery, 'n navorser of enigiemand anders wat om 'n permit, lisensie, serfitikaat, skriftelike magtiging of vrystelling aansoek doen, moet, as die Direkteur dit versoek, die ondersteunende dokumentasie wat die Direkteur spesifiseer, verskaf, waaronder –
  - (a) 'n besigheidsplan soos in Bylae V gespesifiseer;
  - (b) 'n gevaar-analise soos in Bylae VI gespesifiseer;
  - (c) 'n habitat-analise soos in Bylae VII gespesifiseer;
  - (d) 'n hulpbronassesseringsverslag in Bylae VIII gespesifiseer; en
  - (e) 'n projekvoorstel in Bylae IX gespesifiseer.

## **HOOFSTUK VI AANGELEENTHEDE RAKENDE PROFESSIONELE JAGTERS**

### **Kwalifiseringskriteria vir professionele jagters**

- 26. (1) 'n Permit om as professionele jagter op te tree, magtig die houër van sodanige permit om die besigheid van 'n professionele jagter te bedryf, behoudens die voorwaardes wat daarin gestel word.
- (2) 'n Permit om as 'n professionele jagter op te tree, word alleenlik uitgereik as die Direkteur oortuig is dat die aansoeker –
  - (a) minstens 18 jaar oud is;
  - (b) 'n Suid-Afrikaanse burger of die houër van 'n permanente-verblyfpermit is;

- (c) die goedgekeurde kursus by 'n opleidingsinstituut suksesvol voltooi het; en
  - (d) op grond van sy of haar kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring vir die uitreiking van die permit kwalifiseer.
- (3) Die Direkteur kan aan iemand wat as 'n professionele jagter gekwalifiseer het maar wat nie kan lees of skryf nie of op enige ander wyse gestrem is, 'n permit uitreik om as mede-professionele jagter op te tree.

### **Aansoek om 'n professionele-jagterspermit vir die jag van gewone wild**

27. (1) Die aansoeker om 'n professionele-jagterspermit vir die jag van gewone wild verskaf saam met die aansoek –
- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige dokument wat die Direkteur verlang;
  - (b) bewys dat hy of sy –
    - (i) 'n Suid-Afrikaanse burger is; of
    - (ii) die houer van 'n geldige permanente-verblyfpermit is;
    - (iii) 18 jaar oud of ouer is; en
    - (iv) 'n lid van 'n nasionale of internasionale vereniging vir professionele jag is;
  - (c) bewys dat hy of sy beskik oor die nodige kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring wat vereis word om as 'n professionele jagter op te tree, deur die bywoon en slaag van die goedgekeurde kursus by 'n opleidingsinstituut, en die toepaslike eksamen en praktiese assessering deur die Direkteur goedgekeur, geslaag het;
  - (d) as die aansoeker aanvanklik nie die goedgekeurde kursus geslaag het nie, bewys dat hy of sy dit binne die tydperk van een jaar ná die laaste dag van die kursus gedoen het; en
  - (e) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld.
- (2) 'n permit in subregulasie (1) bedoel, magtig die houer daarvan om 'n kliënt te begelei om gewone wild alleenlik te jag en word geëndosseer dat dit die jag van gevaarlike wild uitsluit.
- (3) 'n Professionele jagter wat aktief gevaarlike wild in Afrika jag, 'n Suid-Afrikaanse burger of die houer van 'n permanente-verblyfpermit is, kan skriftelik by die Direkteur aansoek doen om vrystelling van die endossement wat die jag van gevaarlike wild uitsluit.

### **Aansoek om 'n professionele-jagterspermit vir die jag van gevaarlike wild**

28. (1) Die aansoeker om 'n professionele-jagterspermit vir die jag van gevaarlike wild verskaf saam met die aansoek –
- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige ander dokument wat die Direkteur verlang;

- (b) bewys dat hy of sy –
    - (i) ‘n Suid-Afrikaanse burger is; of
    - (ii) die houer van ‘n geldige permanente-verblyfpermit is;
    - (iii) 18 jaar oud of ouer is; en
    - (iv) ‘n lid van ‘n nasionale of internasionale vereniging vir professionele jag is;
  - (c) bewys dat hy of sy beskik oor die nodige kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring wat vereis word om as ‘n professionele jagter op te tree, deur die bywoning en slaag van die goedgekeurde kursus by ‘n opleidingsinstituut, en die toepaslike eksamen en praktiese assessering deur die Direkteur goedgekeur, geslaag het;
  - (d) as die aansoeker aanvanklik nie die goedgekeurde kursus geslaag het nie, bewys dat hy of sy dit binne die tydperk van een jaar ná bywoning van die kursus gedoen het;
  - (e) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld;
  - (f) die toepaslike opsomming van inligting oor die jag van gevaarlike wild in ekstensiewe natuurlewesels, hetsy in Suid-Afrika of in ander Afrikalande; en
  - (g) skriftelike bewys dat hy of sy professioneel gejag het of vir ‘n minimum tydperk van sestig jag-dae as ondersteunende professionele jagter onder die toesig van ‘n professionele gevaarlike-wildjagter opgetree het vir minstens drie uit die ses gevaarlike-wildspesies; of
  - (h) bewys dat hy of sy ‘n goedgekeurde kursus vir die jag van gevaarlike wild suksesvol deurloop het.
- (2) ‘n Permit in subregulasie (1) bedoel, veroorloof die houer daarvan om kliënte te begelei om gewone wild en gevaarlike wild te jag.
  - (3) Die dokumentêre bewyse in subregulasie (1)(g) bedoel, moet vergesel wees van gesertifiseerde afskrifte van die toepaslike jagregister en beëdigde of plegtige verklarings deur die betrokke jagkontraakteur, professionele jagter of kliënte vir oorweging deur die Direkteur.

### **Aansoek om hernuwing van ‘n professionele-jagterspermit**

29. ‘n Aansoeker wat om hernuwing van ‘n professionele-jagterspermit aansoek doen, verskaf saam met die aansoek –
- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige ander dokumente wat die Direkteur verlang;
  - (b) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld; en
  - (c) bewys dat hy of sy as ‘n professionele jagter minstens drie wettige jagte, wat ‘n totaal van minstens een-en-twintig jag-dae met ‘n kliënt beloop, in enige provinsie van Suid-Afrika onderneem het gedurende die drie-jaarperiode wat die aansoek voorafgaan.

### Verantwoordelikhede van professionele jagters

30. (1) 'n Professionele jagter –

- (a) tree nie as sodanig op as hy of sy nie in diens van 'n geregistreerde jagkontrakteur is of nie self as 'n jagkontrakteur geregistreer is nie;
- (b) moet gedurende die jag van gevaarlike wild vergesel word deur 'n ander professionele jagter wat gekwalifiseer is om gevaarlike wild te jag;
- (c) begelei hoogstens twee kliënte wanneer enige wilde dier buiten 'n voël gejag word;
- (d) begelei hoogstens agt kliënte wanneer voëls gejag word;
- (e) moet te alle tye teenwoordig wees wanneer 'n wilde dier deur sy of haar kliënt gejag word en oor die jag van sodanige wilde dier toesig hou;
- (f) vernietig na sy of haar goëddunke enige wilde dier wat deur 'n kliënt gewond is, om onnodige lyding deur sodanige wilde dier te verlig;
- (g) doen binne redelike perke alles om toe te sien dat sy of haar kliënt die bepalings van die Wet of hierdie Regulasies nakom; en
- (h) dra enige toepaslike dokument wat deur die reg vereis word of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan op sy of haar persoon wanneer hy of sy 'n kliënt op 'n jag begelei.

(2) 'n Professionele jagter wat bewus is of vermoed dat sy of haar kliënt enige bepaling van die Wet of hierdie Regulasies oortree het, moet binne 24 uur vandat hy of sy daarvan bewus geword of dit vermoed het die aangeleentheid aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens of aan 'n natuurbewaarder naaste aan die plek waar die misdryf gepleeg of vermoedelik gepleeg is, aanmeld, en van die verwysings- of saaknommer van sodanige verslag 'n rekord hou.

### Register wat professionele jagters moet hou

31. (1) 'n Professionele jagter moet 'n register hou met –

- (a) die naam en besigheidsadres van die professionele jagter;
- (b) die naam en permanente posadres van die kliënt;
- (c) die naam en besigheidsadres van die jagkontrakteur wat die jag vir die kliënt aangebied of georganiseer het;
- (d) die provinsie en plek waar en die datum waarop sy of haar begeleidingsdiens aan die kliënt begin en geëindig het;
- (e) die naam, registrasienommer en landdrosdistrik van elke plaas waarop hy of sy die kliënt begelei het en die naam en woonadres van die eienaar van elke sodanige plaas;

- (f) die spesie, geslag en getal wilde diere wat op elke plaas in paragraaf (e) vermeld, doodgemaak of gewond is, asook die datum waarop elke sodanige wilde dier doodgemaak of gewond is; en
  - (g) die kliënt se instruksies oor trofeevoorbereiding (indien enige) en in die geval van 'n wilde dier met 'n horing of horings, die lengte of die geskatte lengte van sodanige horing of horings, na gelang van die geval.
- (2) Elke verandering aangebring aan enige inskrywing in die register in subregulasie (1) bedoel, moet identies wees op al vier afskrifte van die rekord, soos in subregulasie (4)(a) gespesifiseer, en elkeen van die vier afskrifte waarop sodanige verandering voorkom, word deur die betrokke partye geonderteken en gedateer.
- (3) By die beëindiging van sy of haar begeleidingsdiens aan 'n kliënt, moet die professionele jagter en die kliënt die rekord van besonderhede in die register in subregulasie (1) bedoel, onderteken en dateer en sodanige professionele jagter moet die eerste drie afskrifte daarvan verwyder en –
- (a) onverwyld die oorspronklike bladsy aan die kliënt gee;
  - (b) binne 14 dae ná die voltooiing van die jag die eerste afskrif gee aan die jagkontraakteur in sodanige rekord vermeld;
  - (c) binne 14 dae ná voltooiing van die jag die tweede afskrif per geregistreerde pos aan die Direkteur lewer; en
  - (d) die oorblywende afskrif vir rekorddoeleindes in die register hou vir 'n tydperk van twee jaar.
- (4) Die register in subregulasie (1), (2) of (3) bedoel –
- (a) word in viervoud opgestel, sodat dit uit 'n oorspronklike blad en drie afskrifte bestaan;
  - (b) word op so 'n wyse opgestel dat die blaaie opeenvolgend genummer is en dieselfde nommer op al vier die blaaie verskyn;
  - (c) is gebonde, maar die eerste drie blaaie van elke vier blaaie moet geperforeer wees om maklik verwyder te kan word;
  - (d) moet die besonderhede in subregulasie (1) bedoel op so 'n wyse insluit dat die besonderhede ten opsigte van hoogstens een kliënt op enige enkele blad verskyn; en
  - (e) word op so 'n wyse aangewend dat die besonderhede van 'n jag met 'n bepaalde kliënt in die Provinsie per stel van vier blaaie weergegee word.

### **Algemene voorwaardes**

- 32.** (1) As 'n aansoeker wat vir 'n tydperk van een jaar vóór die aansoek nie aktief was as 'n professionele jagter of jagkontraakteur in die Provinsie nie, sy of haar permit wil hernu, moet hy of sy die regseksamen herskryf.

- (2) As 'n aansoeker vir 'n tydperk van drie jaar vóór die aansoek onaktief was as 'n professionele jagter of jagkontraakteur in Suid-Afrika maar gedurende sodanige tydperk in enige ander Afrikaland aktief was en sy of haar permit wil hernu, moet hy of sy die regseksamen herskryf.
- (3) As die aansoeker onaktief was as 'n professionele jagter of jagkontraakteur in Suid-Afrika of enige ander Afrikaland vir 'n tydperk van drie jaar vóór die aansoek, moet hy of sy her-assesseer word ten opsigte van die regs-, algemene en praktiese assesserings.
- (4) As die aansoeker onaktief was as 'n professionele jagter of jagkontraakteur in Suid-Afrika of enige ander Afrikaland vir 'n tydperk van meer as vyf jaar vóór die aansoek, moet hy of sy her-assesseer word ten opsigte van die regs-, algemene en praktiese assesserings of moet, as die Direkteur so bepaal, die hele kursus herhaal.
- (5) Die Direkteur het die bevoegdheid om die vereiste her-assessering in subregulasies (3) en (4) bedoel, te bepaal. Die opleidingsverskaffer (verkieslik die opleidingsverskaffer wat die aansoeker oorspronklik getoets het) moet die her-assessering doen en kan na goeë dunde enige bykomende toets of teoretiese eksamen wat hy of sy nodig mag ag, afneem.
- (6) Die permit van enige professionele jagter, jagkontraakteur of opleidingsverskaffer wat -
  - (a) meer as drie keer deur 'n geregshof skuldig bevind is; of
  - (b) 'n skulderkenningsboete betaal ten opsigte van enige gedeelte van die wetgewing wat op professionele jag betrekking het,
 word deur die Direkteur opgeskort en die persoon word na 'n opleidingsverskaffer gestuur vir her-assessering ten opsigte van die praktiese aspekte en, as die Direkteur so bepaal, ook die regs- en algemene aspekte.
- (7) Enigiemand wat om die hernuwing van 'n permit aansoek doen, moet vóór die proffessering en uitreiking van die permit enige of alle uitstaande besware wat die Direkteur van kliënte of enige ander persone teen hom of haar ten opsigte van professionele jag ontvang het, tot bevrediging van die Direkteur aanspreek.
- (8) Enigiemand wie se permit kragtens hierdie Wet teruggetrek word, mag slegs na die verstryking van 'n tydperk van een jaar na die datum van sodanige terugtrekking om sodanige permit heraansoek doen en motiveer hoekom sy of haar permit herstel behoort te word.

## **HOOFSTUK VII**

### **AANGELEENTHEDE RAKENDE JAGKONTRAKTEURS EN -AGENTE**

#### **Kriteria om as 'n jagkontraakteur te kwalifiseer**

33. (1) 'n Permit om as 'n jagkontraakteur op te tree, magtig die houer van sodanige permit om die besigheid van 'n jagkontraakteur te bedryf op die grond in sodanige permit genoem, behoudens die voorwaardes daarin bepaal.
- (2) 'n Permit om as 'n jagkontraakteur op te tree, word alleenlik uitgereik as die Direkteur oortuig is dat die aansoeker –
  - (a) minstens 18 jaar oud is;

- (b) 'n Suid-Afrikaanse burger of die houer van 'n permanente-verblyfpermit is;
- (c) die goedgekeurde kursus by 'n opleidingsinstituut suksesvol voltooi het;
- (d) op grond van sy of haar kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring kwalifiseer vir die uitreiking van die permit;
- (e) beskik oor sodanige redelike waarborge en versekeringspolisse wat die Direkteur mag vereis; en
- (f) die vereiste minimum fasiliteite, dienste en geriewe soos in Bylae X uiteengesit tot sy of haar beskikking het.

### **Aansoek om 'n jagkontrakteurspermit**

- 34.** (1) Die aansoeker verskaf saam met die aansoek –
- (a) Die skriftelike aansoekvorm en enige ander dokument wat die Direkteur vereis;
  - (b) bewys dat hy of sy –
    - (i) 'n Suid-Afrikaanse burger is; of
    - (ii) die houer van 'n permanente-verblyfpermit is;
    - (iii) 18 jaar oud of ouer is; en
    - (iv) 'n lid van 'n nasionale of internasionale vereniging vir professionele jag is;
  - (c) bewys dat hy of sy beskik oor die nodige kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring wat vereis word om as 'n professionele jagter op te tree, deur die bywoning en slaag van die goedgekeurde kursus by 'n opleidingsinstituut, en die toepaslike eksamen en praktiese assesserings deur die Direkteur goedgekeur, geslaag het;
  - (d) as die aansoeker aanvanklik nie die goedgekeurde kursus geslaag het nie, bewys dat hy of sy dit binne die tydperk van een jaar ná die bywoning van die kursus gedoen het;
  - (e) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld;
  - (f) bewys dat hy of sy die vereiste dienste en fasiliteite kan voorsien binne die grense van hierdie Provinsie soos in Bylae X uiteengesit. (As die aansoeker nie die eienaar is van die grond waarop die fasiliteite geleë is nie, moet die aansoeker 'n toestemmingsbrief voorlê van die grondeienaar wat toegang verskaf tot die fasiliteite wat deur die Direkteur goedgekeur is, vir die tydperk van die permit waarvoor aansoek gedoen word.);
  - (g) die grondeienaar se skriftelike toestemming of die jagregte vir die spesie wat hy of sy adverteer om te jag;

- (h) promosiemateriaal wat gebruik sal word. (Sodanige materiaal moet die dienste, fasiliteite, geriewe en dierspesies wat gejag mag word, korrek beskryf. As sodanige promosiemateriaal gewysig word, moet dit voorgelê word vir die opdatering van die rekords.);
  - (i) 'n afskrif van die skriftelike toestemming of kontrak in regulasie 30 bedoel, indien van toepassing; en
  - (j) bewys dat hy of sy as professionele jagter minstens drie wettige jagte, wat 'n totaal van minstens een-en-twintig jag-dae met 'n kliënt beloop, in enige provinsie van Suid-Afrika onderneem het gedurende 'n drie-jaartydperk wat die aansoek voorafgaan, of minstens 100 jag-dae in 'n tydperk van minder as drie jaar onderneem het, wat ook al eerste behaal is.
- (2) Iemand wat kragtens subregulasie (1) om 'n jagkontraakteurspermit aansoek doen en wat –
- (a) die eienaar is van die grond waarvoor hy of sy 'n wildplaaspermit het;
  - (b) 'n kapitale belegging in die professionele jagbedryf gemaak het deur goedgekeurde fasiliteite op sy of haar eiendom op te rig; en
  - (c) besigheid as 'n jagkontraakteur op sodanige eiendom wil bedryf,
- kan 'n motivering vir vrystelling van subregulasie (1)(j) aan die Direkteur voorlê. Indien sodanige vrystelling verleen word, mag die grondeienaar hom of haar slegs op sy of haar eie eiendom uitrus vir die eerste drie jaar nadat die permit aan die aansoeker uitgereik is, of totdat die grondeienaar 100 jag-dae as 'n jagkontraakteur op sy of haar eie grond georganiseer het, wat ook al eerste behaal word.
- (3) Iemand wat kragtens subregulasie (1) om 'n jagkontraakteurspermit aansoek doen en nie die grondeienaar is nie, kan een jaar nadat die permit uitgereik is, op aanbeveling van en met voldoende motivering deur 'n opleidingverskaffer, by die Direkteur aansoek om vrystelling van subregulasie (1)(j) doen as die kandidaat drie jagte, wat 'n totaal van 21 dae gedurende daardie jaar beloop, suksesvol onderneem het.

### **Aansoek om hernuwing van 'n jagkontraakteurspermit**

35. (1) Iemand wat om die hernuwing van 'n jagkontraakteurspermit aansoek doen, verskaf saam met die aansoek –
- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige dokument wat die Direkteur verlang;
  - (b) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld;
  - (c) bewys dat hy of sy die vereiste dienste en fasiliteite binne die grense van hierdie Provinsie kan voorsien, soos in Bylae X uiteengesit. (As die aansoeker nie die eienaar is van die grond waarop die fasiliteite geleë is nie, moet die aansoeker 'n toestemmingsbrief voorlê van die grondeienaar wat toegang verskaf tot die fasiliteite wat deur die Direkteur goedgekeur is, vir die tydperk van die permit waarvoor aansoek gedoen word.);
  - (d) die grondeienaar se skriftelike toestemming of die jagregte vir die spesie wat hy of sy adverteer om te jag;



- (e) promosiemateriaal wat gebruik sal word. (Sodanige materiaal moet die dienste, fasiliteite, geriewe en dierspesies wat gejag mag word, korrek beskryf. As sodanige promosiemateriaal gewysig word, moet dit voorgelê word vir die opdatering van die rekords.);
  - (f) 'n afskrif van die skriftelike toestemming of kontrak in regulasie 20 bedoel, indien van toepassing;
  - (g) bewys dat hy of sy 'n geldige permit het om as 'n professionele jagter op te tree;
  - (h) bewys dat hy of sy as professionele jagkontraakteur minstens drie wettige jagte, wat 'n totaal van minstens een-en-twintig jag-dae met 'n kliënt beloop, in enige provinsie in Suid-Afrika onderneem het gedurende 'n drie-jaartydperk wat die aansoek voorafgaan, maar iemand wat aan die vereistes van regulasie 29(c) voldoen, hoef nie drie jagte as 'n jagkontraakteur te organiseer om sy of haar jagkontraakteurspermit te hernu nie.
- (2) 'n Aktiewe jagkontraakteur wat bewys van minstens tien jaar aaneenlopende ervaring in die professionele jagbedryf kan verskaf, kan deur die Direkteur van subregulasie (1)(g) vrygestel word. (As sodanige persoon later sy of haar professionele-jagterspermit wil herstel, kan hy of sy vir sodanige permit aansoek doen sonder om her-asseeser hoef te word.)

### **Verantwoordelikhede van jagkontraakteurs**

36. (1) 'n Jagkontraakteur moet –
- (a) oor die vermoë beskik en toegerus wees om, ooreenkomstig die vereistes in Bylae X uiteengesit –
    - (i) die begeleidingsdiens van 'n professionele jagter;
    - (ii) akkommodasie-, bergings-, was- en sanitêre geriewe vir elke kliënt;
    - (iii) voldoende ablusiefasiliteite vir elke kliënt;
    - (iv) jag-, hanterings-, afslag-, verwerkings-en versendingsdienste;
    - (v) 'n skietbaan aangepas vir praktiese toetsvereistes;
    - (vi) 'n kluis wat voldoende is vir al die kliënt se dokumente en vuurwapens;
    - (vii) 'n terrein waar loslopende wilde diere vir jagdoeleindes voorkom;
    - (viii) voldoende spyseniering;
    - (ix) gepaste vervoer;
    - (x) skoonmaak- en vullisverwyderingsdienste;
    - (xi) noodhulp- en brandbestrydingstoerusting; en

- (xii) personeeldienste,  
aan sy of haar kliënt te voorsien en aan hom of haar te lewer;
- (b) die vereiste lisensie, permit, dokument of toestemming vir die kliënt bekom om –
  - (i) die betrokke wilde dier te jag;
  - (ii) die trofee van 'n wilde dier wat gejag is, te verpak en te versend, indien die kliënt dit verlang, aan die adres wat deur die kliënt gespesifiseer word; en
  - (iii) enige trofee te vervoer en uit te voer as die kliënt dit verlang.
- (2) Die jagkontraakteur verkry na afloop van die jag die gepaste afskrif van die professionele-jagtersregister in regulasie 31(3)(b) bedoel en –
  - (a) onderteken sodanige afskrif;
  - (b) stuur die toepaslike afskrif binne 14 dae na afloop van die jag aan die Direkteur as 'n voorvereiste vir die prosessering van enige uitvoerpermitaansoek; en
  - (c) hou gesertifiseerde afskrifte van alle dokumentasie, ooreenkomstig artikel 70 van die Wet, vir 'n tydperk van twee jaar vir rekorddoeleindes.
- (3) Die jagkontraakteur is verantwoordelik vir die verpakking en versending van 'n trofee (indien van toepassing) na die plek of bestemming deur die kliënt gespesifiseer binne 30 dae nadat dit vir versending verpak is en aan die jagkontraakteur beskikbaar gestel is.

### **Register wat, of ooreenkoms waarby, jagkontraakteur moet hou**

37. (1) Voordat die voorsiening van enige fasiliteit of die lewering van enige diens aan 'n kliënt 'n aanvang neem, gaan 'n jagkontraakteur 'n skriftelike vergoedingsooreenkoms met die kliënt aan, wat –
- (a) die naam en besigheidsadres van die kontraakteur;
  - (b) die naam en permanente posadres van die kliënt;
  - (c) die naam en besigheidsadres van die professionele jagter wat die kliënt sal begelei;
  - (d) die adres waarheen hy of sy trofeë moet versend, as die kliënt dit verlang;
  - (e) die plek en datum van aanvang en beëindiging van die voorsiening van fasiliteite en die lewering van dienste aan die kliënt;
  - (f) die fasiliteite, dienste en geriewe waarvoor voorsiening gemaak sal word of dienste wat aan die kliënt gelewer sal word en die tarief vir elke fasiliteit of diens of 'n allesinsluitende daaglikse tarief;
  - (g) die spesie en geslag van en aantal wilde diere wat vir jag aangebied word en die tarief vir elke wilde dier wat doodgemaak of bo enige redelike twyfel gewond word, hetsy sodanige dier of die karkas van sodanige dier opgespoor kan word, al dan nie; en

- (h) 'n beskrywing van die verpligtinge van die jagkontrakteur, bevat.
- (2) 'n Ooreenkoms in subregulasie (1) bedoel, of enige daaropvolgende of gewysigde ooreenkoms, word in duplikaat opgestel en –
- (a) die jagkontrakteur en sy of haar kliënt onderteken en dateer die oorspronklike dokument en die afskrif daarvan; en
- (b) die jagkontrakteur –
- (i) oorhandig die oorspronklike dokument onverwyld aan die kliënt; en
- (ii) hou die afskrif daarvan vir 'n tydperk van twee jaar vir rekorddoeleindes.
- (3) Die bepalinge van 'n ooreenkoms in subregulasie (1) bedoel, kan deur 'n daaropvolgende skriftelike ooreenkoms tussen die twee partye vervang word en moet dieselfde besonderhede bevat en op dieselfde wyse as die oorspronklike kontrak voltrek word.
- (4) 'n Jagkontrakteur is nie daarop geregtig om van 'n kliënt vergoeding te eis wat nie in 'n ooreenkoms in subregulasie (1) bedoel, gespesifiseer word nie of om 'n tarief te eis buiten 'n tarief wat in die ooreenkoms gespesifiseer word vir enigiets wat in die ooreenkoms gespesifiseer word wat nie inderdaad aan die kliënt verskaf, gelewer of afgelewer is nie, tensy anders in die ooreenkoms bepaal word.

### **Advertensiemateriaal en bemerking**

38. Niemand mag sy of haar bereidheid om as 'n jagkontrakteur op te tree adverteer of toelaat dat sodanige bereidheid adverteer word nie, tensy –
- (a) hy of sy die houer van 'n jagkontrakteurspermit kragtens hierdie Wet is;
- (b) hy of sy die eienaar is van die grond waarop hy of sy as jagkontrakteur wil optree of as hy of sy nie die eienaar van sodanige grond is nie, hy of sy die jagregte ten opsigte van die grond of die skriftelike toestemming van die eienaar van sodanige grond waarop hy of sy beoog om die jag aan te bied of te organiseer, verkry het;
- (c) die spesie, geslag en getal wilde diere wat vir jag aangebied of beskikbaar gestel word gereedlik beskikbaar is om te jag en in 'n vrye en natuurlike staat voorkom op die grond in paragraaf (b) bedoel en sodanige wilde diere nie makgemaak of gedeeltelik makgemaak is en in gevangenskap aangehou word nie; en
- (d) die inhoud van promosiemateriaal, soos die advertensie, brosjure of pamflet of ander dokument waarmee hy of sy adverteer, vooraf nagegaan is en die skriftelike goedkeuring van die Direkteur verkry het.

### **Agente**

39. (1) Niemand mag as 'n agent vir 'n kliënt optree om die jag van 'n wilde dier te asissteer, organiseer of aan te bied nie, tensy hy of sy skriftelik deur die jagkontrakteur wat die fasiliteite en dienste aan die kliënt gaan verskaf, aangestel is.

- (2) 'n Agent moet in enige advertensie of voorlegging die promosiemateriaal van die jagkontraakteur in subregulasie (1) bedoel, gebruik, maar as sodanige materiaal nie deur die agent gebruik word nie, moet die advertensie of voorlegging minstens die naam en permitbesonderhede van die jagkontraakteur bevat.

### **Kliënte**

40. Geen kliënt mag 'n wilde dier jag nie, tensy –
- (a) die jag deur 'n jagkontraakteur georganiseer is; en
  - (b) hy of sy gedurende die jag deur 'n professionele jagter vergesel word nie.

### **Suid-Afrikaanse burgers**

41. Indien iemand anders buiten 'n kliënt van die dienste van 'n jagkontraakteur, 'n agent of 'n professionele jagter gebruik maak, geld regulasies 30, 31, 36 en 37, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

### **Algemene voorwaardes**

42. Die bepalings van regulasie 32, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, geld ten opsigte van 'n jagkontraakteur.

## **HOOFSTUK VIII AANGELEENTHEDE RAKENDE OPLEIDINGSVERSKAFFERS BY PROFESSIONELE JAGSKOLE**

### **Kriteria om as 'n opleidingsverskaffer vir 'n professionele jagskool te kwalifiseer**

43. (1) 'n Permit om as 'n opleidingsverskaffer vir 'n professionele jagskool op te tree, magtig die houer van sodanige permit om die besigheid van opleidingsverskaffer op die perseel wat in sodanige permit vermeld word, te bedryf, behoudens die voorwaardes wat daarin bepaal word.
- (2) 'n Permit om as 'n opleidingsverskaffer vir 'n profesionele jagskool op te tree, word alleenlik uitgereik as die Direkteur oortuig is dat die aansoeker –
- (a) minstens 18 jaar oud is;
  - (b) 'n Suid-Afrikaanse burger of die houer van 'n permanente-verblyfpermit is;
  - (c) 'n professionele jagter of jagkontraakteur is;
  - (d) die goedgekeurde kursus as assessor of moderator suksesvol voltooi het;
  - (e) op grond van sy of haar kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring vir die uitreiking van die permit kwalifiseer;
  - (f) beskik oor sodanige redelike waarborge en versekeringspolisse wat die Direkteur mag vereis; en

- (g) die vereiste minimum fasiliteite, dienste en geriewe soos in Bylae X uiteengesit, kan voorsien.
- (3) Iemand wat om 'n permit as 'n opleidingverskaffer vir 'n professionele jagskool aansoek doen –
- (a) voorsien die opleiding en geriewe in Bylae XI uiteengesit;
  - (b) beskik oor voldoende kommunikasie- en promosievaardighede;
  - (c) beskik oor voldoende ervaring in buitelandse bemarking;
  - (d) het omvattende praktiese ondervinding as 'n professionele jagter en jagkontrakteur; en
  - (e) moet bevoeg wees om 'n voornemende professionele jagter of jagkontrakteur op te lei en die kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring van 'n voornemende professionele jagter of jagkontrakteur te assesseer, te modereer, te eksamineer, te her-eksamineer, te evalueer of te her-evalueer.

#### **Verantwoordelikhede van opleidingsverskaffers van 'n professionele jagskool**

##### **44. 'n Opleidingsverskaffer –**

- (a) bied die goedgekeurde kursus vir professionele jagters en jagkontrakteurs, soos deur die Direkteur bepaal, aan;
- (b) woon 'n goedgekeurde kursus vir professionele jagters of jagkontrakteurs, wat minstens tien agtereenvolgende dae duur, persoonlik by, bied dit persoonlik aan, of hou persoonlik daarvoor toesig;
- (c) sien toe dat hoogstens 12 kandidate die kursus bywoon;
- (d) gee 30 dae skriftelike kennisgewing aan die Direkteur van die datum waarop die kursus sal begin;
- (e) voorsien 'n plek en voldoende fasiliteite vir die kursus;
- (f) koördineer en kontroleer die aktiwiteite van elke persoon wat lesings by die kursus aanbied;
- (g) tref reëlins vir die assessering, moderering en afneem van eksamens wat deur die Direkteur vereis word;
- (h) hou rekord van die uitslae van elke persoon wat geassesser of getoets word, in die formaat deur die Direkteur bepaal, en doen binne 14 dae vandat die kursus voltooi is skriftelik aan die Direkteur daarvoor verslag.
- (i) sien toe dat die goedgekeurde kursus aangebied word;

- (j) voorsien elke kandidaat wat die kursus suksesvol voltooi en die eksamen geslaag het van 'n volledige afskrif van die praktiese assessering en verslag wat die Direkteur bepaal, asook van 'n oorspronklike sertifikaat van bevoegdheid wat deur die opleidingsverskaffer onderteken is.

#### **Aansoek om 'n permit om as 'n opleidingsverskaffer van 'n professionele jagskool op te tree**

45. (1) Die aansoeker verskaf saam met die aansoek –
- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige ander ondersteunende dokument wat die Direkteur verlang;
  - (b) bewys dat hy of sy 'n geldige professionele-jagters- of jagkontraakteurspermit het;
  - (c) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld;
  - (d) bewys dat hy of sy die opleiding, geriewe, dienste en fasiliteite kan voorsien binne die die grense van hierdie Provinsie, soos in Bylaes X en XI uiteengesit (As die aansoeker nie die eienaar is van die grond waarop die fasiliteite geleë is nie, moet die aansoeker 'n toestemmingsbrief voorlê van die grondeienaar wat toegang verskaf tot die fasiliteite wat deur die Direkteur goedgekeur is, vir die tydperk van die permit waarvoor aansoek gedoen word.); en
  - (e) die skriftelike toestemming van die grondeienaar of die jagregte vir die spesies waarvan hy of sy gedurende die kursus wil gebruik maak.
- (2) Om 'n professionele jagskool in te stel, verskaf die aansoeker 'n volledige *curriculum vitae* en –
- (a) alle toepaslike persoonlike besonderhede;
  - (b) bewys van minstens tien jaar ondervinding in die professionele jagbedryf, wat die bestuur van safaris, die begeleiding van jagte, die beraamde aantal safaris wat gekontraakteer is, en die totale aantal kliënte wat vergesel is, moet insluit ('n Onderskeid moet getref word tussen jagte wat deur die aansoeker persoonlik ondeneem is en dié wat deur ander professionele jagters onderneem is.);
  - (c) verwysings van kliënte;
  - (d) verwysings van 'n internasionaal-erkende professionele-jagtersvereniging;
  - (e) bewys van ondervinding in bemerking van jag in die buiteland, met inbegrip van die bemerking van minstens een groot byeenkoms in die Verenigde State van Amerika en Europa;
  - (f) bewys dat hy of sy 'n geldige jagkontraakteurspermit vir hierdie Provinsie het;
  - (g) bewys van registrasie as 'n professionele jagter en van professionele jag in ander provinsies of lande (indien van toepassing);
  - (h) 'n Opsomming van lektore wat aangestel sal word om lesings te hou oor spesifieke onderwerpe wat in die goedgekeurde kursus ingesluit is;

- (i) besonderhede van die opleidingsfasiliteite, met inbegrip van –
  - (i) ‘n lesingkamer met die nodige toerusting;
  - (ii) oudio-visuele toerusting, rekenaar en skyfriereekse vir spesie-identifikasie van alle inheemse klein en groot soogdiere en voëls;
  - (iii) 80 stelle horings wat betrekking het op 18 verskillende spesies, wat die horings van ander Suid-Afrikaanse diere wat nie in hierdie Provinsie voorkom nie, moet insluit, naamlik –
    - (aa) 5 stelle spiraalhorings, 5 stelle van 3 verskillende spesies elk (totaal van 15 stelle spiraalhorings);
    - (bb) 10 stelle buitemate (buffel- en blouwildebeesspesies);
    - (cc) 5 stelle swartwildebeeshorings; en
    - (dd) 5 stelle reguit horings van 8 verskillende spesies (totaal van 40);
  - (iv) 3 stelle horings van elk van die volgende vir finale toetsing, naamlik –
    - (aa) 2 stelle spiraalhorings van verskillende spesies;
    - (bb) 1 stel buitemate;
    - (cc) 1 stel swartwildebeeshorings;
    - (dd) 6 stelle reguit horings van verskillende spesies;
- (j) bewys van kommunikasie- en aanbiedingsvaardighede; en
- (k) bewys van kwalifisering as ‘n amptelike maatnemer vir hetsy die Safari Club International of die Rowland Ward-organisasie.

**Aansoek om hernuwing van ‘n permit om as ‘n opleidingsverskaffer vir ‘n professionele jagskool op te tree**

46. Iemand wat aansoek doen om die hernuwing van ‘n permit om as ‘n opleidingsverskaffer vir ‘n professionele jagskool op te tree, verskaf saam met die aansoek –
- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige dokument wat die Direkteur verlang;
  - (b) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld;
  - (c) bewys dat hy of sy die houer van ‘n geldige professionele-jagterspermit vir hierdie Provinsie is;
  - (d) bewys dat hy of die houer van ‘n geldige jagkontraakteurspermit vir hierdie Provinsie is;
  - (e) besonderhede van alle kursusse wat aangebied is, maar ‘n minimum van drie kursusse aangebied in die drie-jaartydperk vóór die aansoek word verlang vir hernuwing;

- (f) bewys van die nodige opleidingsfasiliteit deur regulasie 43(2)(g) vereis;
- (g) bewys dat hy of sy wel die goedgekeurde kursus by sy of haar opleidingsinstituut aangebied het; en
- (h) bewys dat al die toepaslike dokumentasie vir goedgekeurde kursusse wat in die drie-jaartydperk vóór die aansoek aangebied is, aan die Direkteur voorgelê is.

### **Algemene voorwaardes**

47. Die bepaling van regulasie 32 geld, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

## **HOOFSTUK IX AANGELEENTHEDE RAKENDE TAKSIDERMISSE**

### **Bedryfsvereistes vir 'n taksidermisfasiliteit**

48. (1) 'n Permit om as 'n taksidermis op te tree, magtig die houër van sodanige permit om die besigheid van 'n taksidermis te bedryf by die perseel in sodanige permit vermeld, behoudens die voorwaardes daarin bepaal.
- (2) Die permit om as 'n taksidermis te werk, moet opvallend op die perseel vertoon word.
- (3) 'n Taksidermisfasiliteit moet in ooreenstemming met die standaard wat deur die Provinsiale Departement van Landbou of enige ander wet vereis word, goedgekeur en onderhou word.
- (4) 'n Taksidermis moet 'n lid wees van 'n taksidermisvereniging wat op nasionale vlak gekonstitueer is.

### **Taksidermisregister**

49. (1) 'n Taksidermis hou 'n register met –
- (a) die naam, identiteitsnommer, besigheidsadres en kontakbesonderhede van die taksidermis;
  - (b) die naam, identiteitsnommer, besigheidsadres en kontakbesonderhede van die jagkontraakteur of verskaffer van 'n karkas;
  - (c) die naam, identiteitsnommer, besigheidsadres en kontakbesonderhede van die persoon wat die eienaar van die karkas is, en die plek van aflewering of bestemming van die karkas;
  - (d) Die datum waarop die karkas ontvang is en die datum waarop die voltooide produk versend word;
  - (e) die spesie en geslag van en aantal karkasse wat ontvang is;
  - (f) die identifikaasie-merke (indien enige) per individuele karkas of gedeelte daarvan;



- (g) die afleweringstatus van die karkas en opmerkings deur die verskaffer (indien enige); en
  - (h) 'n gedetailleerde lys van die artikels wat gemaak moet word en ander instruksies van die kliënt, met inbegrip van die uitvoer, invoer en vervoer van trofee of diereprodukte.
- (2) Bykomend tot die taksidermisregister in subregulasie (1) gespesifiseer, hou 'n taksidermis –
- (a) 'n afskrif van die toepaslike professionele-jagtersregister vir alle trofee wat van Suid-Afrika na 'n ander land uitgevoer word (indien enige);
  - (b) afskrifte van CITES-dokumentasie waar van toepassing; en
  - (c) afskrifte van sertifikate, lisensies, permitte, skriftelike magtigings, skriftelike toestemmings of vrystellings wat deur die kliënt of jagkontraakteur verskaf word, wat waar van toepassing –
    - (i) die dierspesie;
    - (ii) die getal van elke dierspesie;
    - (iii) die geslag van elke dier;
    - (iv) die plek waar elke dier gejag is;
    - (v) die datum waarop elke dier gejag is;
    - (vi) die naam van die plaas waar elke dier gejag is; en
    - (vii) die permitnommer,
- aandui.

### **Ontvangs en versending van dierkarkasse, -produkte of -derivate**

50. (1) By die ontvangs van enige karkas, -mantel, -produk, -derivaat of trofee, moet die taksidermis of dompel-en-skeepagent alle ondersteunende dokumente aanvra om die wettigheid van sodanige artikel te bewys.
- (2) Wanneer 'n artikel in subregulasie (1) bedoel ontvang word sonder voldoende ondersteunende dokumentasie, kan die taksidermis die verskaffer 'n 30-dae grasietydperk gee om die taksidermis van die korrekte dokumentasie te voorsien, waarna die taksidermis die Direkteur sonder versuim skriftelik in kennis moet stel van die versuim om sodanige dokumentasie te verskaf.
- (3) Wanneer 'n taksidermis aansoek doen om 'n uitvoerpermit om enige besending te versend, moet die finale verpakkingslys die aansoek vergesel.

### **Toepassing van sekere bepalings van hierdie Hoofstuk op dompel-en-skeepagente**

51. Die bepalings van hierdie Hoofstuk, gelees in samehang met die veranderings vereis deur konteks, is van toepassing op 'n dompel-en-skeepagent wat nie 'n taksidermis is nie.

## **HOOFSTUK X AANGELEENTHEDE RAKENDE HERVESTIGING VAN WILD**

### **Permit om wilde diere in sekere toestande te vang**

52. (1) Die Direkteur kan 'n permit om 'n wilde dier op grond wat nie 'n wildplaas is nie te vang, alleenlik uitreik –
- (a) buite die tydperk bepaal deur 'n kennisgewing kragtens artikel 6(2) van die Wet uitgereik;
  - (b) aan iemand sonder 'n geldige vanglisensie deur artikel 7(1) van die Wet vereis;
  - (c) bo die daaglikse sakbeperking in artikel 8 van die Wet bedoel; of
  - (d) deur middel van 'n verbode vangmetode of -instrument in artikel 9(1) van die Wet bedoel;
- as hy of sy oortuig is dat –
- (i) die dier of diere wat gevang gaan word in voldoende getalle op die grond van die aansoeker voorkom om 'n lewensvatbare populasie te verseker;
  - (ii) die vang van die dier of diere nie die bevolking van die spesie wat in die gebied voorkom, sal benadeel nie;
  - (iii) die metode wat gebruik word nie 'n negatiewe uitwerking op 'n sensitiewe bevolking van 'n nie-geteikende spesie, of enige ander nadelige ekologiese implikasie sal hê nie;
  - (iv) die aansoeker elke aangrensende grondeienaar skriftelik in kennis gestel het van sy of haar voorneme om 'n aansoek kragtens hierdie regulasie te doen.
- (2) 'n Aangrensende grondeienaar wat in kennis gestel is van 'n aansoek kragtens hierdie regulasie, kan binne 'n tydperk van 7 dae ná ontvangs van die kennisgewing skriftelike vertoë ten opsigte van die aansoek aan die Direkteur voorlê.
- (3) Niemand mag 'n wilde dier vang as die temperatuur bo 25 grade Celsius is nie.

### **Hervestiging van sekere wilde diere**

53. (1) Die Direkteur kan 'n uitvoer- of vervoerpermit om 'n lewende dier in 'n ekstensiewe wildlewesistiem te hervestig, alleenlik uitreik as –
- (a) die analise van die spesie, soos in Bylae XIII bepaal, vir goedkeuring aan die Direkteur voorgelê word; en

- (b) die heining wat die wildlewesisteam afkamp aan die vereistes van Hoofstuk II voldoen.
- (2) Niemand mag 'n wilde dier na die Provinsie invoer, binne die Provinsie hervestig of op grond binne die Provinsie vrylaat nie, tensy –
    - (a) die grond waarop die dier vrygelaat gaan word, geskikte habitat bied om die dier te voorsien van 'n voldoende hoeveelheid weiding of prooi wat natuurlik voorkom; en
    - (b) redelike stappe, wat die Direkteur bepaal, gedoen is om moontlike uitbastering of genetiese kontaminasie van enige wildspesie te voorkom.
  - (3) Niemand mag enige lewende eksemplaar van 'n wilde dier wat 'n kruising is na die Provinsie invoer, binne die Provinsie hervestig of op grond binne die Provinsie vrylaat nie.
  - (4) Behoudens die bepalings van subregulasies (5) en (6), mag niemand enige lewende eksemplaar van 'n uitheemse wilde dier na die Provinsie invoer of binne die Provinsie hervestig nie.
  - (5) Die Direkteur kan behoudens subregulasie (6) skriftelike magtiging gee aan 'n grondeienaar wat die houer van 'n wildplaaspermit is en wat om enige rede nie meer die eienaar van sodanige wildplaas is nie, om die totale bevolking van uitheemse spesies vanaf die bestaande wildplaas te hervestig na 'n ander wildplaas waarvan hy die eienaar is, as bewys gelewer kan word dat hy of sy nie meer die eienaar van die eersgenoemde wildplaas gaan wees nie.
  - (6) Die Direkteur lys 'n uitheemse spesie slegs op 'n wildplaaspermit as die aansoeker bewys van 'n vervoerpermit vir sodanige spesie kan lewer.
  - (7) Wanneer aansoek om 'n invoer- of vervoerpermit gedoen word, moet die houer van 'n wildplaaspermit waarop 'n uitheemse spesie gelys is, wat van voorneme is om die genetiese gehalte van die uitheemse diere op die wildplaas te verbeter, aan die Direkteur bewys lewer dat –
    - (a) 'n lewensvatbare bevolking van die spesie op die wildplaas voorkom;
    - (b) die bevolking vanweë inteling bedreig word; en
    - (c) die eksemplaar wat hy of sy op die wildplaas wil inbring van 'n ander genetiese groep as die bestaande diere is.
  - (8) Die Direkteur reik 'n permit in subregulasie (7) bedoel, alleenlik uit as hy of sy oortuig is dat die voorgenome hervestiging inderdaad die genetiese gehalte van die lewensvatbare bevolking van die betrokke uitheemse spesie sal verbeter.

### **Wildkarweiregisters**

54. (1) 'n Wildkarweier hou 'n register, uitgereik deur die Direkteur, met –
  - (a) die naam, identiteitsnommer, besigheidsadres en kontakbesonderhede van die wildkarweier;

- (b) die naam, identiteitsnommer, besigheidsadres en kontakbesonderhede van die verkoper of verskaffer by die plek van gevangening of herkoms;
  - (c) die naam, identiteitsnommer, besigheidsadres en kontakbesonderhede van die koper of ontvanger by die plek van aflewering of die bestemming;
  - (d) die datum waarop sy of haar diens begin en geëindig het;
  - (e) die naam van elke plaas of eiendom wat betrokke is, met inbegrip van 'n verwysing na die plaasregistrasienuommer, die landdrostrik waar dit geleë is, die wildplaaspermitnommer, indien van toepassing, en die vervaldatum van sodanige permit, asook die residensiële adres van die eienaar van elke sodanige stuk grond;
  - (f) die spesie en geslag van en die hoeveelheid wilde diere wat gevange geneem of gekarwei word en die datum waarop elke wilde dier opgelaa en afgelaa is;
  - (g) die identifikasiemerke (indien enige) van elke individuele dier, die datum en die handtekening van die verkoper of verskaffer van elke dier by die plek van gevangening of herkoms van sodanige dier;
  - (h) die aantal diere, afleweringstatus, opmerkings gemaak deur die koper by aflewering, die datum en handtekening van die koper of ontvanger van elke dier by die plek van aflewering of bestemming van sodanige dier; en
  - (i) die naam, identiteitsnommer, datum en handtekening van die bestuurder van die voertuig en die voertuig se registrasienuommer.
- (2) Die register in subregulasie (1) bedoel –
- (a) word in viervoud opgestel ('n stel van vier blaaie), wat elkeen moet bestaan uit 'n oorspronklike blad en drie afskrifte, naamlik –
    - (i) die oorspronklike blad van die stel, gedruk op wit papier (hierna die **“wit afskrif”** genoem), synde die eerste blad waarop alle inligting in die oorspronklike vorm opgeteken word, wat verwyder en aan die Direkteur verskaf moet word;
    - (ii) die eerste afskrif, gedruk op groen papier (hierna die **“groen afskrif”** genoem), synde die tweede blad van die stel wat verwyder en aan die verkoper of verskaffer oorhandig moet word voordat die besending die toepaslike eiendom verlaat;
    - (iii) die tweede afskrif, op pienk papier gedruk (hierna die **“pienk afskrif”** genoem), synde die derde bladsy van die stel, wat verwyder en aan die koper of ontvanger oorhandig moet word nadat die besending afgelewer is; en
    - (iv) die vierde afskrif, op geel papier gedruk (hierna die **“geel afskrif”** genoem), synde die vierde bladsy wat in die register moet bly;
  - (b) word op sodanige wyse opgestel dat elke stel van vier blaaie opeenvolgend genummer is en dieselfde nommer op elk van die vier blaaie verskyn;

- (c) word op sodanige wyse opgestel dat elke bladsy in 'n stel, behalwe die geel afskrif, self deurslaan om die inskrywings van die oorspronklike bladsy op die tweede, derde en vierde bladsy van die stel weer te gee;
  - (d) is gebonde, maar die eerste drie blaai van elke vier blaai moet geperforeer wees, vir maklike verwydering; en
  - (e) bevat die besonderhede in subregulasie (1) bedoel, om op so 'n wyse vir elke individuele transaksie aangewend te word dat die besonderhede ten opsigte van hoogstens een koper of ontvanger op enige stel van bladsye verskyn.
- (3) Elke verandering aangebring aan enige inskrywing in die register in subregulasie (1) bedoel, moet identies wees op al vier afskrifte van die rekord in subregulasie (2) bedoel en elkeen van die vier afskrifte waarop sodanige verandering voorkom, moet deur die betrokke partye geonderteken en gedateer word.
- (4) Nadat die oplaai van die wilde diere wat gekarwei gaan word, afgehandel is, moet die wildkarweier –
- (a) die spesie en geslag van en aantal wilde diere wat gelaai is, aanteken;
  - (b) al die toepaslike besonderhede in die register in subregulasie (1) bedoel, aanteken;
  - (c) die inskrywings in paragrawe (a) en (b) as korrek sertifiseer, waarna die inskrywing deur die wildkarweier geonderteken en gedateer moet word;
  - (d) toesien dat die verkoper of verskaffer die inskrywing in paragraaf (a) bedoel, kontroleer en as korrek sertifiseer, waarna die inskrywing deur die koper of ontvanger geonderteken en gedateer moet word; en
  - (e) die groen afskrif oorhandig aan die koper of ontvanger wat in sodanige rekord gemeld word.
- (5) Nadat die aflaa van die wilde diere wat gekarwei is, afgehandel is, moet die wildkarweier –
- (a) die spesie en geslag van, die aantal, en die kondisie van die wilde diere wat afgelaai is, aanteken;
  - (b) al die toepaslike besonderhede in subregulasie (1) bedoel, in die register aanteken;
  - (c) toesien dat die koper of ontvanger die inskrywing in paragraaf (a) bedoel, kontroleer en as korrek sertifiseer, waarna die inskrywing deur die koper of ontvanger geonderteken en gedateer moet word; en
  - (d) die pienk afskrif oorhandig aan die koper of ontvanger wat in sodanige rekord gemeld word.
- (6) Nadat die transporter van die wilde diere afgehandel is, moet die wildkarweier –
- (a) binne 14 ná die einde van elke maand waarin 'n transporter plaasgevind het, die gespesifiseerde afskrif per geregistreerde pos aan die Direkteur stuur; en

- (b) die oorblywende geel afskrif in die register vir 'n tydperk van minstens twee jaar hou vir rekorddoeleindes.
- (7) Die register in subregulasie (1) bedoel, word deur die Direkteur uitgereik aan die wildvanger of -karweier by betaling van die voorgeskrewe geld en onder handtekening van die wildvanger of -karweier, wat dan vir die bewaring en benutting daarvan verantwoordelik is.
- (8) Wanneer die wildkarweier 'n register in subregulasie (1) bedoel, gebruik, moet hy of sy in besit wees van 'n wildvangers- of -karweierspermit.

### **Geoorloofde gebruik van wildkarweiregister**

55. 'n Wildvanger wat gemagtig is om 'n register in regulasie 54 bedoel te gebruik, mag alleenlik –
- (a) wilde diere vang kragtens 'n geldige permit vir die vang van wilde diere of 'n geldige wildplaaspermit;
  - (b) wilde diere wat wettig gevang is tussen een of meer eiendomme met geldige wildplaaspermitte karwei;
  - (c) 'n dier wat wettig gevang is, invoer na 'n eiendom met 'n geldige wildplaaspermit, maar die wildvanger moet vooraf 'n geldige uitvoerpermit verkry van die uitreikingsowerheid in die provinsie waar die dier gevang word; of
  - (d) diere wat wettig gevang is, uitvoer vanaf 'n eiendom met 'n geldige wildplaaspermit, maar die wildvanger moet vooraf 'n geldige invoerpermit verkry van die uitreikingsowerheid in die provinsie waar die diere afgelewer sal word.

### **Verantwoordelikhede van wildvangers of -karweiers**

56. (1) 'n Wildvanger of -karweier –
- (a) verkry 'n afskrif van die geldige wildplaaspermit van die eienaar van die eiendom waar die wilde diere gevang gaan word;
  - (b) verkry 'n afskrif van die geldige wildplaaspermit van die eienaar van die eiendom waar die wilde diere afgelewer gaan word;
  - (c) maak seker dat albei bogenoemde wildplaaspermitte steeds geldig is wanneer die hervestiging plaasvind;
  - (d) maak seker dat die spesies wat gekarwei gaan word op beide die bogenoemde wildplaaspermitte gemeld word;
  - (e) maak seker dat sy of haar eie besonderhede korrek in die wildkarweiregister aangeteken is voordat sy of haar handtekening en die toepaslike datum aangebring word;
  - (f) noteer die aantal en spesies van wilde diere wat ter sprake is in numeriese formaat in die toepaslike kolomme;

- (g) noteer in die “**Totaal**”-kolom die aantal diere in numeriese formaat, gevolg deur die ekwivalente woorde in hakies, byvoorbeeld “**10 (Tien)**”;
  - (h) maak seker dat die voltooide register die goedgekeurde transportvoertuig vergesel en die korrekte afskrifte uit die register verwyder word en volgens die prosedure in regulasie 54 afgehandel word;
  - (i) stuur die gespesifiseerde afskrif per geregistreerde pos aan die Direkteur binne 14 dae ná die einde van elke maand waarin ‘n hervestiging plaasgevind het; en
  - (j) lê enige verslag wat in die permit bepaal word, voor.
- (2) Die wildvanger of -karweier moet teenwoordig wees wanneer die wilde diere op die hervestigingsvoertuig gelaai word.
- (3) As die wildvanger of -karweier nie die bestuurder van die hervestigingsvoertuig is nie en nie tydens die hervestiging of aflewering van die wilde diere teenwoordig is nie, is dit die verantwoordelikheid van die wildvanger of -karweier om seker te maak dat sodanige bestuurder die regs- en permitvereistes nakom.

#### **Verantwoordelikhede van verkopers of verskaffers van wilde diere wat hervestig gaan word, by die plek van gevangening**

57. Die verkoper of verskaffer van wilde diere wat hervestig gaan word –

- (a) kontroleer dat die spesie en geslag van, die aantal, en merke van die betrokke wilde diere korrek in die wildkarweiregister aangeteken is voordat sy of haar handtekening en die datum van die inskrywing aangebring word;
- (b) parafeer elke inskrywing wat in die toepaslike kolom in die wildkarweiregister aangebring is;
- (c) kry die groen afskrif van die wildkarweiregister by die wildkarweier voordat die bestuurder sy of haar eiendom met die besending wilde diere verlaat; en
- (d) hou die groen afskrif van die wildkarweiregister vir ‘n tydperk van minstens twee jaar vir rekorddoeleindes.

#### **Verantwoordelikhede van kopers of ontvangers van hervestigde wilde diere by die plek van aflewering**

58. Die koper of ontvanger van die hervestigde wilde diere –

- (a) kontroleer dat die spesie en geslag van, die aantal, en merke van die betrokke wilde diere korrek in die wildkarweiregister aangeteken is voordat sy of haar handtekening en die datum van die inskrywing aangebring word;
- (b) parafeer elke inskrywing wat in die toepaslike kolom in die wildkarweiregister aangebring is;
- (c) kry die pienk afskrif van die wildkarweiregister by die wildkarweier voordat die bestuurder sy of haar eiendom verlaat nadat die hervestigde wilde diere afgelewer is; en

- (d) hou die pienk afskrif van die wildkarweiregister vir 'n tydperk van minstens twee jaar vir rekorddoeleindes.

### **Verantwoordelikhede van bestuurders van die hervestigingsvoertuie**

59. (1) Nadat die oplaai van die wilde diere wat hervestig gaan word, afgehandel is, noteer die bestuurder van die hervestigingsvoertuig in die register in regulasie 54 bedoel –
- (a) sy of haar naam en identiteitsnommer; en
- (b) die registrasienommer van die hervestigingsvoertuig,
- voordat die bestuurder sy of haar handtekening en die datum van die inskrywing aanbring.
- (2) Nadat die hervestiging van die wilde diere afgehandel is, besorg die bestuurder die voltooide register terug aan die wildvanger.

### **Hulptransportvoertuie**

60. Niemand mag enige wild met 'n voertuig (hierna die **“eerste voertuig”** genoem) vervoer nie, tensy hy of sy –
- (a) vóór sodanige transportering onderneem word, reëlings tref vir die gebruik van 'n alternatiewe voertuig om sodanige transportering te onderneem of af te handel indien enigiets sou voorval wat die onderneming of afhandeling van sodanige transportering met die eerste voertuig onmoontlik of onuitvoerbaar sou maak of dit onredelik sou vertraag;
- (b) sodanige dier vervoer in 'n hok wat geen uitsteeksel aan die binnekant het nie of, indien dit wel het, sodanige uitsteeksel op so 'n wyse bedek is dat dit nie die dier sal kan beseer nie;
- (c) sodanige dier langs die kortse moontlike roete en met so min as moontlik onderbreking van die reis vervoer; en
- (d) sodanige dier tydens die vervoer daarvan teen uiterste temperature beskerm en vir voldoende lugtoevoer in die hok voorsiening maak.

## **HOOFSTUK XI AANGELEENTHEDE RAKENDE ONGEDIERTEJAGTERS**

### **Kwalifiseringskriteria vir ongediertejagters**

61. (1) 'n Permit om as 'n ongediertejagter op te tree, magtig die houer van sodanige permit om die besigheid van 'n ongediertejagter te bedryf, behoudens die voorwaardes daarin bepaal.
- (2) 'n Permit om as 'n ongediertejagter op te tree, word alleenlik uitgereik as die Direkteur oortuig is dat die aansoeker –
- (a) minstens 18 jaar oud is;
- (b) 'n Suid-Afrikaanse burger of die houer van 'n permanente-verblyfpermit is;



- (c) die goedgekeurde kursus suksesvol voltooi het;
- (d) op grond van sy of haar kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring vir die uitreiking van die toepaslike permit kwalifiseer; en
- (e) in besit is van die minimum toerusting wat nodig is om as 'n ongediertejagter op te tree.

### **Aansoek om 'n ongediertejagterspermit**

**62.** Die aansoeker verskaf saam met die aansoek om 'n ongediertejagterspermit –

- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige dokumente wat die Direkteur verlang;
- (b) bewys dat hy of sy –
  - (i) 'n Suid-Afrikaanse burger is;
  - (ii) die houer van 'n geldige permanente-verblyfpermit is; en
  - (iii) 18 jaar of ouer is;
- (c) bewys dat hy of sy beskik oor die nodige kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring wat vereis word om as 'n ongediertejagter op te tree, deur die bywoon en slaag van die goedgekeurde kursus en die slaag van die toepaslike eksamen en praktiese assesserings deur die Direkteur bepaal;
- (d) as die aansoeker aanvanklik nie die goedgekeurde kursus geslaag het nie, bewys dat hy of sy dit binne die tydperk van een jaar ná bywoning van die kursus gedoen het;
- (e) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld.

### **Aansoek om hernuwing van 'n ongediertejagterspermit**

**63.** Die aansoeker verskaf saam met die aansoek om die hernuwing van 'n ongediertejagterspermit –

- (a) die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige ander dokumente wat die Direkteur verlang;
- (b) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld; en
- (c) bewys dat hy of sy as 'n ongediertejagter minstens drie wettige jagte, wat 'n totaal van minstens een-en-twintig jag-dae beloop, in enige provinsie in Suid-Afrika uitgevoer het gedurende 'n drie-jaartydperk wat die aansoek voorafgaan.

### **Verantwoordelikhede van ongediertejagters**

**64.** 'n Ongediertejagter moet die jag van die skadelike dier persoonlik uitvoer.

## Register wat ongediertejagters moet hou

65. (1) 'n Ongediertejagter hou 'n register met –
- (a) die naam en besigheidsadres van die ongediertejagter;
  - (b) die naam en residensiële adres van die grondeienaar;
  - (c) die provinsie en plek waar en die datum waarop sy of haar diens aan die grondeienaar begin het en beëindig is;
  - (d) die naam, registrasienommer en landdrosdistrik van elke plaas waarop hy of sy jag;
  - (e) die spesie, geslag en aantal skadelike diere wat doodgemaak of gewond is en die datum waarop elke skadelike dier doodgemaak of gewond is; en
  - (f) die spesie, geslag en aantal van enige ander dier wat per ongeluk doodgemaak of gewond is en die datum waarop die dier doodgemaak of gewond is.
- (2) Elke verandering aangebring aan enige inskrywing in die register in subregulasie (1) bedoel, moet identies wees op al drie afskrifte van die rekord in subregulasie (4) bedoel, en elkeen van die drie afskrifte waarop sodanige verandering voorkom, moet deur die betrokke partye geonderteken en gedateer word.
- (3) By die beëindiging van sy of haar diens aan 'n grondeienaar, moet die ongediertejagter en die grondeienaar die rekord van besonderhede in die register in subregulasie (1) bedoel, onderteken en dateer en sodanige ongediertejagter moet die oorspronklike blad en die eerste afskrif daarvan verwyder en –
- (a) die oorspronklike blad onverwyld aan die betrokke grondeienaar oorhandig;
  - (b) die gespesifiseerde afskrif binne 14 dae ná die einde van elke maand waarin 'n jag plaasgevind het per geregistreerde pos aan die Direkteur stuur; en
  - (c) die oorblywende afskrif in die register vir 'n tydperk van minstens twee jaar hou vir rekorddoeleindes.
- (4) Die register in subregulasie (1), (2) of (3) bedoel –
- (a) word in drievoud opgestel sodat dit uit 'n oorspronklike blad en twee afskrifte bestaan;
  - (b) word op so 'n wyse opgestel dat die blaaie opeenvolgend genummer is en dieselfde nommer op al drie die blaaie verskyn;
  - (c) is gebonde, maar die eerste twee bladsye van elkeen van die drie blaaie moet geperforeer wees vir maklike verwydering;
  - (d) sluit die besonderhede in subregulasie (1) bedoel op so 'n wyse in dat die besonderhede ten opsigte van hoogstens een grondeienaar op enige enkele blad verskyn;

## Algemene voorwaardes

66. (1) As 'n aansoeker onaktief was as 'n ongediertejagter in Suid-Afrika vir 'n tydperk van drie jaar vóór die aansoek maar in enige ander Afrikaland aktief was as 'n ongediertejagter en sy of haar permit wil hernu, moet hy of sy –
- (a) die regseksamen herskryf; en
  - (b) ten opsigte van die algemene en praktiese assesserings her-assesseer word.
- (2) Die permit van 'n ongediertejagter wat meer as drie keer deur 'n geregshof skuldig bevind is of 'n skulderkenningsboete betaal ten opsigte van enige gedeelte van die wetgewing wat op ongediertejag betrekking het, moet teruggetrek word en die persoon moet verwys word vir her-assessering ten opsigte van die praktiese aspekte en, as die Direkteur so bepaal, ook die regs- en algemene aspekte.
- (3) Die Direkteur het die bevoegdheid om die vereiste her-assessering in subregulasie (2) bedoel, te stipuleer.
- (4) Enigiemand wat om die hernuwing van 'n permit aansoek doen, moet vóór die prosessering en uitreiking van die permit, en tot bevrediging van die Direkteur, enige of alle uitstaande besware wat die Direkteur van grondeienaars of enigiemand anders ten opsigte van ongediertejag ontvang het, aanspreek.
- (5) Enigiemand wie se permit kragtens die Wet teruggetrek is, kan slegs ná die verstryking van 'n tydperk van een jaar ná sodanige terugtrekking om sodanige permit heraansoek doen en motiveer hoekom sy of haar permit herstel behoort te word.

## HOOFSTUK XII AANGELEENTHEDE RAKENDE KARKASSE OF DERIVATE

### Aangeleentehede rakende olifant-ivoor of renosterhorings

67. (1) As die Direkteur oortuig is dat iemand wat aansoek doen om olifant-ivoor of 'n renosterhoring te besit, wettig in besit gekom het van die olifant-ivoor of renosterhoring waarvoor die aansoek gedoen word, of as hy of sy redelikerwyse glo dat die aansoeker se verkryging of besit van sodanige olifant-ivoor of renosterhoring wettig is, moet die aansoeker –
- (a) die ivoor of horing laat merk met die simbole, letters, syfers of nommers wat deur die Direkteur toegeken word of op enige ander wyse wat die Direkteur bepaal, indien dit nie alreeds gemerk is soos in subregulasie (3) bedoel nie;
  - (b) die ivoor of horing by die Direkteur laat registreer; en
  - (c) voorsien word van 'n permit, wat bewys bevat van sodanige merking of registrasie, vir die besit van die ivoor of horing.
- (2) Die aansoeker verskaf by die aansoek om 'n permit die toepaslike skriftelike aansoekvorm en enige ander dokumente wat die Direkteur verlang, wat –
- (a) die hoeveelheid olifant-ivoor of renosterhoring in die besit van die aansoeker;

- (b) die massa in gram van die stuk olifant-ivoor of renosterhoring in die besit van die aansoeker;
  - (c) besonderhede van wanneer en hoe die aansoeker in besit gekom het van elke sodanige stuk olifant-ivoor of renosterhoring; en
  - (d) betaling of bewys van betaling vir die voorgeskrewe aansoekfooi,
- aandui.
- (3) As die olifant-ivoor of renosterhoring waarvoor die aansoek in subregulasie (2) bedoel, gedoen word, reeds gemerk of geregistreer is kragtens subregulasie (1) of enige ander toepaslike wetgewing in enige deel van die Republiek, hetsy herroepe of geldend, moet die aansoek vergesel word van bewys van sodanige merking en registrasie.
  - (4) As die houer van 'n permit uitgereik soos in subregulasie (1)(c) bedoel, verlang of van voorneme is om 'n stuk olifant-ivoor of renosterhoring op te sny, te graveer, of op enige wyse te verwerk of modifiseer, moet hy of sy vóór sodanige op snyding, gravering, verwerking of modifikasie skriftelik by die Direkteur om skriftelike magtiging aansoek doen.
  - (5) Niemand mag sonder die skriftelike magtiging van die Direkteur met die merk op enige olifant-ivoor of renosterhoring wat ooreenkomstig subregulasie (1)(a) gemerk is, peuter, dit uitwis, verander, verwyder of deurhaal nie.
  - (6) Die Direkteur reik nie 'n uitvoerpermit aan 'n kliënt in regulasie 40 bedoel vir die uitvoer van 'n renosterhoring uit nie, tensy die horing as deel van 'n volledige montering of shouermontering gemonteer is.
  - (7) Wanneer die Direkteur 'n aansoek om die besit of uitvoer van 'n renosterhoring oorweeg, moet hy of sy die bepalinge van Goewermentskennisgewing 756 "National Environmental Management: Biodiversity Act (10/2004): Marking of rhinoceros horn and hunting of white rhinoceros for trophy hunting purposes", wat in *Staatskoerant* No. 32426 van 20 Julie 2009 gepubliseer is, saam met die bepalinge van hierdie regulasie in aanmerking neem.

### **Karkasse van wilde diere op openbare paaie**

68. Die karkas van 'n wilde dier wat op 'n openbare pad of in die reserwe van 'n openbare pad doodgemaak of gevind is, is die eiendom van die Provinsie.

## **HOOFSTUK XIII AANGELEENTHEDE RAKENDE DIE AANHOU VAN DIERE**

### **Die aanhou van groot roofdiere, inheemse primate of skadelike diere**

69. 'n Permit om 'n groot roofdier, inheemse primate of skadelike dier aan te hou, word alleenlik deur die Direkteur uitgereik as sodanige permit nodig is om die dier aan te hou vir –
- (a) sirkus- of dierkundige doeleindes;
  - (b) navorsings- of rehabilitasiedoeleindes; of

- (c) film- of promosiewerk.

### **Aanhouding van diere in gevangenskap**

70. (1) Behoudens die bepalings van artikel 17 van die Wet, mag niemand enige wilde dier in gevangenskap aanhou nie, tensy die fasiliteit deur die Direkteur goedgekeur is en sodanige dier –
- (a) gereeld van voldoende voedsel voorsien word;
  - (b) te alle tye van vars drinkwater voorsien word;
  - (c) van voldoende water voorsien word om in te was of te baai (indien van toepassing);
  - (d) van slaapfasiliteite voorsien word;
  - (e) in ‘n kamp of hok aangehou word wat –
    - (i) geventileer is;
    - (ii) spesiespesifieke skuiling met beskerming teen hitte, koue en reën bied;
    - (iii) lig na binne laat;
    - (iv) minstens een keer ‘n dag skoongemaak word;
    - (v) nie aan oormatige geraas blootgestel word nie; en
  - (f) nie getart of doelbewus beseer word nie.
- (2) Die voedsel en water in subregulasie (1) bedoel, moet voorsien word in sodanige houer, op sodanige wyse en in sodanige vorm dat dit deur die betrokke wilde dier ingeneem kan word en nie maklik besoedel kan word nie.
- (3) Die fasiliteite wat verskaf word om uitvoering aan die bepalings van subregulasie (1) te gee, moet sover moontlik voorsien word op die wyse waarop die betrokke wilde dier in ‘n vrye staat in die natuur leef.

### **Minimum spesifikasies vir hokke**

71. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk mag niemand ‘n wilde dier in gevangenskap aanhou strydig met die bepalings van subregulasie (2) nie.
- (2) Die kategorie van wilde dier, die minimum hokgrootte en maksimum aantal diere wat in ‘n hok aangehou mag word, word in Bylae XII aangedui.
- (3) Behoudens die bepalings van die Hoofstuk mag niemand sonder ‘n permit verskillende spesies wilde diere saam in een hok aanhou nie.

- (4) As diere van verskillende groottes of spesies in 'n enkele hok aangehou gaan word, moet die hokvolume voorgeskryf deur die bylae in subregulasie (2) vir elke individu wat so aangehou word, bereken word en bymekaargetel word, om die uiteindelijke minimum vereiste hokgrootte te bepaal.

### **Bepaling van minimum vereistes en hokgroottes**

72. (1) Die Direkteur kan ten opsigte van 'n hok waarin 'n wilde dier aangehou word, waarop die bepalings van regulasie (71)(2) nie van toepassing is nie, die minimum vereistes vir die aanhou van sodanige dier en die minimum grootte van die hok waarin sodanige dier aangehou mag word, bepaal.
- (2) Die Direkteur kan per skriftelike kennisgewing aan enigiemand die aanhou in gevangenskap van enige wilde dier in 'n hok verbied as hy of sy van mening is dat –
- (a) die aanhouding van sodanige wilde dier in sodanige hok onwenslik is;
  - (b) sodanige hok, vanweë die ligging of konstruksie daarvan of die wyse waarop dit gebruik word, nie vir die aanhouding van sodanige wilde dier geskik is nie; of
  - (c) die aanhouding van sodanige wilde dier neerkom op wreedheid, misbruik of die dier se welsyn in gedrang bring.

### **Hokvereistes vir sekere spesies**

73. (1) Niemand mag enige primate met 'n massa van meer as 5 kg, enige olifant, kameelperd, renoster, seekoei, buffel, leeu, luiperd, jagluiperd, hiëna, wilde hond, beer, tier, wolf, of enige ander wilde dier wat 'n gevaar vir menslike lewe kan inhou, sonder 'n permit in gevangenskap aanhou of ten toon stel nie.
- (2) Die permit in subregulasie (1) bedoel, sluit in –
- (a) spesifikasies vir die hok waarin sodanige dier aangehou gaan word;
  - (b) die aantal diere wat in enige spesifieke hok aangehou kan word.
- (3) Die Direkteur kan by voorlegging van die spesifikasies vir 'n hok bedoel vir die aanhou van 'n wilde dier in subregulasie (1) genoem, na sy of haar goeiddunke en behoudens sodanige veranderings wat hy of sy nodig of wenslik mag ag, sodanige spesifikasies skriftelik magtig.

### **Hokvrystelling vir sekere spesies**

74. (1) Die Direkteur kan by aansoek van enigiemand wat 'n wilde dier binnenshuis aanhou, sodanige persoon van die bepalings van regulasie 71(2) vrystel, behoudens die bedinge en voorwaardes wat die Direkteur kan bepaal, maar sodanige vrystelling word nie ten opsigte van 'n voëltroeteldierspesie verlang nie.
- (2) Die aansoek in subregulasie (1) bedoel, moet gemaak word binne dertig dae vanaf die datum waarop die betrokke wilde dier aangeskaf of verkry is en moet volledige besonderhede bevat ten opsigte van –

- (a) die spesie en, indien dit moontlik is om die geslag te bepaal, die geslag van elke wilde dier ten opsigte waarvan aansoek gedoen word;
  - (b) die aantal wilde diere ten opsigte waarvan aansoek gedoen word;
  - (c) die afmetings van die hok waarin die wilde dier binnenshuis aangehou gaan word;
  - (d) die oefeningfasiliteite wat die wilde dier gaan gebruik; en
  - (e) die rede waarom die dier nie in 'n hok van die minimum grootte wat regulasie 71(2) vereis, aangehou kan word nie.
- (3) 'n Vrystelling kragtens hierdie regulasie is vir slegs twaalf maande vanaf die datum van uitreiking daarvan geldig.

### **Spesiale bepalinge vir die aanhou of gevangenhouding van wilde diere deur sekere persone**

75. Die Direkteur kan ondanks enige bepaling van hierdie Regulasies spesiaal voorsiening maak vir enigiemand, insluitende die eienaar van 'n sirkus, 'n troeteldierwinkel, natuurlewefasiliteit of aan 'n valkenier, vir die aanhou of gevangenhouding van enige wilde dier, as sodanige persoon die Direkteur kan oortuig –
- (a) dat die vereistes van hierdie Regulasies sy of haar aktiwiteite met betrekking tot enige bepaalde dier oormatig beperk; of
  - (b) dat sy of haar spesiale omstandighede afwyking van die bepalinge van hierdie Regulasies noodsaaklik maak; en
  - (c) dat sodanige spesiale bepalinge die betrokke wilde dier nie oormatig negatief sal beïnvloed nie.

### **Voorskrifte ten opsigte van veranderings aan hokke vir die aanhou van wilde diere**

76. Die Direkteur kan –
- (a) enigiemand gelas om enige hok waarin sodanige persoon 'n wilde dier aanhou binne 'n redelike tydperk wat die Direkteur bepaal te verander tot 'n oppervlak en volume wat die Direkteur nodig of wenslik ag vir die welsyn van sodanige dier; of
  - (b) enigiemand gelas om enige hok waarin sodanige persoon 'n wilde dier in regulasie 71(2) genoem, aanhou, binne 'n redelike tydperk wat die Direkteur bepaal en ooreenkomstig die spesifikasies wat die Direkteur nodig of wenslik ag, te versterk, om te verseker dat sodanige wilde dier nie kan ontsnap nie.

### Minimum veiligheidsvereistes vir hokke en gevangehouding van sekere spesies

77. Enige hok of metode van vervoer en enige tunnel, gang of deurgang tussen 'n arena, 'n hok of 'n vorm van vervoer wat gebruik word vir die doel van transporter, aanhouding, tentoonstelling aan die publiek of toelating om voor die publiek te verskyn van enige primate met 'n massa van meer as 5 kg, 'n olifant, 'n kameelperd, 'n renoster, 'n seekoei, 'n buffel, 'n leeu, 'n luiperd, 'n jagluiperd, 'n hiëna, 'n wilde hond, 'n beer, 'n tier, wolf of enige ander wilde dier wat 'n gevaar vir menslike lewe mag inhou, moet gebou wees van geskikte materiaal en aan die buitekant toegemaak wees met diamantmaas waarvan die grootte van die openings sodanig is dat geen sodanige dier sy bek of poot deur die draad kan steek nie en niemand sy of haar hand deur die draad kan steek nie en wat sterk genoeg is om te voorkom dat enige van die genoemde diere ontsnap of sy bek of poot deur die draad forseer, maar die voorafgaande bepalings is nie van toepassing op enige hok, metode van vervoer, tunnel, gang of deurgang –
- (a) wat as gevolg van die oprigting van 'n buffer waarvoor regulasie 78 voorsiening maak of om enige ander rede ontoeganklik vir enige persoon is nie; of
  - (b) wat in 'n arena gebruik word terwyl enige van die bogenoemde diere onder toesig daarin verskyn nie.

### Minimum buffersone vir sekere spesies

78. (1) Niemand mag 'n primate met 'n massa van meer as 5 kg, 'n olifant, 'n kameelperd, 'n renoster, 'n seekoei, 'n buffel, 'n leeu, 'n luiperd, 'n jagluiperd, 'n hiëna, 'n wilde hond, 'n beer, 'n tier, wolf of enige ander dier wat 'n gevaar vir menslike lewe mag inhou, in gevangenskap aanhou of ten toon stel nie, tensy die hok waarin sodanige wilde dier aangehou word, toegerus is met 'n buffer wat aan die bepalings van subregulasie (2) voldoen.
- (2) Die buffer in subregulasie (1) vermeld, moet –
- (a) die hok heeltemal insluit;
  - (b) minstens 1,5 m weg van die hok wees;
  - (c) minstens 1,5 m hoog wees,
- en op so 'n wyse gebou wees dat niemand deur dit of onderdeur dit kan beweeg nie.

### Vrystelling van hokgroottes wanneer wilde diere in gevangenskap gehou word

79. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) en die bepalings van regulasies 77 en 78 is die bepalings van regulasie 71(2) nie van toepassing op die hok waarin enige wilde dier –
- (a) vervoer word nie;
  - (b) op 'n skou tentoongestel word nie;
  - (c) tydelik in gevangenskap aangehou word nadat dit as gevolg van omstandighede buite die beheer van die persoon deur wie dit sodanig aangehou word, die eiendom van sodanige persoon geword het nie; en



- (d) in gevangenskap aangehou word gedurende –
  - (i) akklimatisering aan ‘n nuwe omgewing;
  - (ii) kwarantyn; of
  - (iii) die oprigting of herstel van die hok waarin sodanige wilde dier kragtens enige ander regulasie aangehou word of aangehou moet word.
- (2) Die vrystelling bedoel in –
  - (a) subregulasies (1)(a) en (b) is van toepassing onmiddellik vóór, gedurende en onmiddellik ná die betrokke transporterings of skou;
  - (b) subregulasies (1)(c) en (d)(iii) is van toepassing vir hoogstens veertien dae;
  - (c) subregulasie (d)(i) is van toepassing vir hoogstens twee maande; en
  - (d) subregulasie (d)(ii) is van toepassing vir die duur van die kwarantyn.

#### **Die voer van wilde diere op of vanaf ‘n openbare pad**

80. Niemand mag enige wilde dier op ‘n openbare pad of op die grond aan enige kant van sodanige pad binne ‘n afstand van 100m vanaf die middel van sodanige pad voer nie, maar die bepalings van hierdie regulasie is nie van toepassing op –
- (a) die voer van enige wilde dier op of vanuit ‘n voertuig binne ‘n afstand van 100 m vanaf die middel van ‘n openbare pad deur die persoon verantwoordelik vir sodanige dier terwyl sodanige dier wettig vervoer word nie; of
  - (b) die voer van enige wilde dier deur die eienaar van die grond op sodanige grond nie.

#### **Verbodsbepalings ten opsigte van giftige wilde diere**

81. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2) mag niemand enige wilde dier wat giftig of moontlik giftig is verkry, teel, aanhou, besit of daarin handel dryf nie.
- (2) Niemand mag ‘n wilde dier wat giftig is of moontlik giftig is in gevangenskap aanhou by enige fasiliteit wat nie ‘n dieretuin is nie.

### **HOOFSTUK XIV AANGELEENTHEDE RAKENDE AMFIBIEË EN REPTIELE**

#### **Verbodsbepaling ten opsigte van die vang en aanhou van of handel in amfibieë of reptiele**

82. Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk mag niemand enige amfibie- of reptielspesie verkry, in die wildernis vang, aanhou, of daarin handel dryf nie.

### Bepalings ten opsigte van die vang en aanhou van of handel in amfibieë of reptiele

83. (1) Die Direkteur kan 'n permit om 'n inheemse amfibie of reptiel te vang, alleenlik uitreik indien –
- (a) die Direkteur oortuig is dat die aansoeker bekwaam is om die amfibie of reptiel te vang;
  - (b) die aansoeker 'n lid van 'n nasionale vereniging vir die beoefening van herpetologie is;
  - (c) die inheemse amfibie of reptiel –
    - (i) volgens 'n metode deur die Direkteur bepaal, gevang word; en
    - (ii) indien die permitvoorwaardes so bepaal, onmiddellik vrygelaat word op die plek waar hy gevang is.
- (2) Die Direkteur kan 'n permit om 'n inheemse amfibie of reptiel aan te hou, alleenlik uitreik –
- (a) vir die doel van die beoefening van herpetologie as –
    - (i) die amfibie of reptiel in gevangenskap geteel is; en
    - (ii) voldoende bewys daarvan aan die Direkteur voorgelê word;
  - (b) vir die vervaardiging van serum;
  - (c) vir wetenskaplike navorsing; of
  - (d) as sodanige amfibie of reptiel by 'n gespesialiseerde fasiliteit in regulasie 21 bedoel, aangehou word.
- (3) Die Direkteur kan 'n permit aan 'n handelsfasiliteit in regulasie 21 bedoel, alleenlik uitreik vir handel in nylkrokodille (*crocodylus niloticus*) en geen ander inheemse amfibie- of reptielspesie nie.
- (4) Behoudens die bepalinge van regulasie 84, kan die Direkteur nie 'n permit aan 'n troeteldierwinkel of enige ander handelsfasiliteit uitreik om in enige lewende uitheemse of inheemse amfibie- of reptielspesies handel te dryf nie.

### Bepalings ten opsigte van die handel in amfibie- of reptielspesies

84. Die Direkteur kan 'n permit om in 'n amfibie- of reptielspesie te handel, alleenlik uitreik as –
- (a) die dier in gevangenskap geteel is en voldoende bewys daarvan aan die Direkteur voorgelê word;
  - (b) oordrag van die amfibie of reptiel geskied volgens die prosedure wat die Direkteur bepaal.

### **Permitte vir die aanhou van uitheemse amfibieë of reptiele**

85. Geen uitheemse amfibie of reptiel mag sonder 'n permit in gevangeskap aangehou word nie.

### **Bepalings ten opsigte van herpetologie**

86. Die Direkteur kan 'n permit om 'n amfibie of reptiel vir die doel van herpetologie te gebruik, alleenlik aan iemand uitreik as die persoon wat om die permit aansoek doen, bewys kan lewer van sy of haar –

- (a) bekwaamheid om herpetologie te beoefen;
- (b) lidmaatskap van 'n nasionale vereniging vir die beoefening van herpetologie,

en behoudens enige voorwaarde wat die Direkteur vir die beoefening van herpetologie nodig mag ag.

## **HOOFSTUK XV AANGELEENTHEDE RAKENDE VOËLS**

### **Verbodsbepalings ten opsigte van die vang en aanhou van of handel in inheemse voëls**

87. Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk, mag niemand enige inheemse voël in die wildernis verkry, vang, dit aanhou, of daarin handel dryf nie.

### **Bepalings ten opsigte van die vang, ring en vrylaat van voëls**

88. Die Direkteur kan 'n permit om 'n voël te vang, te ring en vry te laat alleenlik uitreik as –

- (a) die Direkteur oortuig is dat die aansoeker bekwaam is om die voël te vang en te ring;
- (b) die aansoeker 'n lid van 'n nasionale vereniging vir die beoefening van die ring van voëls is;
- (c) die voël –
  - (i) vir wetenskaplike navorsing gevang en gering word;
  - (ii) gevang, gering of andersins gemerk word volgens 'n metode wat die Direkteur bepaal; en
  - (iii) onmiddelik vrygelaat word op die plek waar hy gevang is.

### **Bepalings ten opsigte van die handel in inheemse kouvoëls spesies**

89. Die Direkteur kan 'n permit om in 'n inheemse kouvoëls spesie handel te dryf, alleenlik uitreik as –

- (a) die voël in gevangeskap geteel is en voldoende bewys daarvan aan die Direkteur voorgelê word;
- (b) oordrag van die voël geskied volgens die prosedure wat die Direkteur bepaal.

### Bepalings ten opsigte van die handel in uitheemse voëlspesies op CITES gelys

90. Die Direkteur kan 'n permit om handel te dryf in 'n uitheemse voëlspesie op CITES I gelys, alleenlik uitreik as –
- (a) die voël in gevangenskap geteel is en voldoende bewys daarvan aan die Direkteur voorgelê word;
  - (b) oordrag van die voël geskied volgens die prosedure wat die Direkteur bepaal; en
  - (c) die voël gering of andersins gemerk is op 'n wyse wat die Direkteur bepaal.

### Bepalings ten opsigte van kraanvoëlspesies

91. (1) Vir die doel van hierdie regulasie sluit **“kraanvoëlspesies”** alle voëls van die Bloukraanvoël- (*Anthropoides paradiseus*), Mahemkraanvoël- (*Balearica regulorum*) en Lelkraanvoëlspesies (*Bucconus carunculatus*) in.
- (2) Niemand mag sonder 'n permit die vlerkpunt van enige kraanvoëlspesie sny of knip of die vlerk of die vlerkvere daarvan knip nie.
  - (3) Die Direkteur kan 'n permit om 'n kraanvoëlspesie aan te hou, alleenlik uitreik as –
    - (a) die voël beseer is en nie suksesvol gerehabiliteer kan word soos in regulasie 21(6) bedoel nie;
    - (b) die voël aangehou word by 'n fasiliteit wat ooreenkomstig regulasie 21 ingestel is, maar nie 'n handefasiliteit nie;
    - (c) die voël in gevangenskap geteel is en voldoende bewys daarvan aan die Direkteur voorgelê word; en
    - (d) die voël gering of andersins gemerk is op 'n wyse wat die Direkteur bepaal.

### Bepalings ten opsigte van roofvoëls

92. (1) Vir die doel van hierdie regulasie sluit **“roofvoël”** alle voëls van die *Accipitridae*-families (visvalke, aasvoëls, arende, hawiks, woue, roofvoëls en verwante spesies), *Falconidae* (valke en rooivalke), *Sagittariidae* (sekretarisvoëls) en alle uilspesies van die *Tytonidae*- en *Strigida*-families in.
- (2) Niemand mag sonder 'n permit die vlerkpunt van enige roofvoël sny of knip of die vlerk of die vlerkvere daarvan knip nie.
  - (3) Die Direkteur kan 'n permit om 'n roofvoël aan te hou, alleenlik uitreik as –
    - (a) die voël beseer is en nie suksesvol gerehabiliteer kan word soos in regulasie 21(6) bedoel nie;
    - (b) die voël aangehou word by 'n fasiliteit wat ooreenkomstig regulasie 21 ingestel is, maar nie 'n handefasiliteit nie;

- (c) die voël vir die doel van valkejag aangehou word;
- (d) die voël in gevangenskap geteel is en voldoende bewys daarvan aan die Direkteur voorgelê word; en
- (e) die voël gering is op 'n wyse wat die Direkteur bepaal.

### **Bepalings ten opsigte van valkejag**

- 93.** (1) Die Direkteur kan 'n permit om 'n roofvoël vir die doel van valkejag te gebruik, alleenlik aan iemand uitreik as die persoon wat om die permit aansoek doen, bewys kan lewer van sy of haar –
- (a) bekwaamheid om valkejag te beoefen;
  - (b) lidmaatskap van 'n nasionale vereniging vir die beoefening van valkejag,
- en behoudens enige voorwaarde wat die Direkteur mag nodig ag vir die beoefening van valkejag.
- (2) Die Direkteur kan 'n permit om 'n uitheemse of baster-roefvoël vir die doel van valkejag te gebruik, alleenlik aan iemand uitreik as die voël –
- (a) gesteriliseer is en voldoende bewys daarvan aan die Direkteur voorgelê word; en
  - (b) toegerus is met 'n telemetriese of ander volgtoestel.

## **HOOFSTUK XVI AANGELEENTHEDE RAKENDE VIS**

### **Aantal en grootte vis wat gevang en gehou kan word**

- 94.** (1) Mates ten opsigte van 'n lengte in artikel 37(b) van die Wet genoem, word gemeet in 'n reguit lyn op die sy van die vis, naamlik die horisontale vlak vanaf die punt van die snoet tot die vork van die stert.
- (2) Enigiemand wat meer vis vang of vis vang wat korter is as wat hy of sy kragtens hierdie Wet gemagtig is om te vang, moet sodanige vis onverwyld teruggooi in die waters waarin dit gevang is sonder om die vis te beseer bykomend tot die beserings wat tydens die vang toebring is.

### **Vereistes vir permitte om nette vir visvang te gebruik**

- 95.** (1) 'n Permitaansoek kragtens artikel 38(b) van die Wet om 'n net te gebruik om vis te vang in 'n waterstelsel, word alleenlik uitgereik as die Direkteur oortuig is dat die aansoeker –
- (a) minstens 18 jaar oud is;
  - (b) 'n Suid-Afrikaanse burger of die houer van 'n permanente-verblyfpermit is;
  - (c) op grond van sy of haar kennis, bekwaamheid, vaardigheid en ervaring vir die uitreiking van die permit kwalifiseer;

- (d) die vereiste minimum fasiliteite, dienste en geriewe tot sy of haar beskikking het om die voorwaardes van sodanige permit na te kom; en
  - (e) voldoen aan die vereistes van nasionale beleide, norme en standarde (indien van toepassing).
- (2) Die Direkteur kan 'n permit om 'n net te gebruik om vis in te samel, alleenlik uitreik as –
- (a) die visspesie wat ingesamel gaan word nie 'n spesiaal-beskermdde of beskermdde spesie is nie;
  - (b) die insameling in die Vanderkloofdam, die Vaalhartsdam of die Spitskopdam gaan plaasvind en as hy of sy oortuig is dat die waters waarin die insameling onderneem gaan word nie binne 'n ekologies-sensitiewe gebied in enige van daardie damme val nie;
  - (c) hy of sy spesifieke voorwaardes stel vir die insameling van vis ten opsigte van –
    - (i) die gebied of sone waarin insameling mag plaasvind;
    - (ii) die toerusting wat tydens insameling gebruik gaan word;
    - (iii) die kwota en visspesie wat ingesamel gaan word; en
    - (iv) navorsing en verslagdoening oor vis wat ingesamel gaan word.
- (3) Die verbodsbepaling in subregulasies (2)(b) en (c) uiteengesit, is nie van toepassing op die houer van 'n permit wat aan iemand uitgereik is vir die insameling van vis as die insameling gaan geskied in waters omring deur grond waarvan hy of sy die alleeneienaar is nie.

## HOOFSTUK XVII AANGELEENTHEDE RAKENDE VAARTUIE

### Verbode handelings met betrekking tot vaartuie

96. Niemand mag in 'n waterstelsel 'n vaartuig op sodanige wyse gebruik dat dit 'n gevaar inhou of mag inhou vir enige ander persoon, dier of plant of enige steurnis veroorsaak of kan veroorsaak vir enigiemand wat vanaf die ower van die water hengel of vir enige ander gebruiker van die waterstelsel nie.

## HOOFSTUK XVIII AANGELEENTHEDE RAKENDE LUGVAARTUIE

### Vliegsones met hoogtebeperking

97. (1) Geen lugvaartuig mag laer as 500 m aan die hoogste punt op 'n wildplaas vlieg nie, tensy die loods of persoon verantwoordelik vir die lugvaartuig vooraf die skriftelike toestemming van die grondeienaar verkry het.
- (2) By uitleg van die woorde **“skriftelike toestemming”** in subregulasie (1), geld die bepalinge van artikel 14 van die Wet, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks.

### Verbode handelings met betrekking tot lugvaartuie

98. (1) Niemand mag 'n lugvaartuig op so 'n wyse gebruik dat dit 'n gevaar inhou of mag inhou vir enige mens, dier of voël of 'n steurnis vir enige mens, dier of voël veroorsaak nie.
- (2) Die bepalings van subregulasie (1) verbied nie die beheer van diere of voëls by lughawes wat 'n gevaar vir lugvaart mag inhou nie.

## HOOFSTUK XIX AANGELEENTHEDE RAKENDE PLANTE

### Kwekeryregister of -faktuurboek

99. (1) Die houer van 'n kwekerypermit wat die verkoop van spesiaal-beskermdde of beskermdde plante magtig, moet 'n register of faktuurboek hou waarin hy of sy onmiddellik ná elke sodanige transaksie in duplikaat moet aanteken of laat aanteken –
- (a) die kwekerypermitnommer;
  - (b) die datum waarop die transaksie plaasgevind het;
  - (c) die volle naam en fisiese adres van die geregistreerde kwekery;
  - (d) die naam en adres van die aankoper;
  - (e) die spesie wat verkoop is; en
  - (f) die aantal of massa van elke spesie wat so verkoop is, maar –
    - (i) by die verkoop van bosse spesiaal-beskermdde of beskermdde plante wat vooraf op bestelling van 'n aankoper vir verkope aan die publiek opgemaak is, moet die aantal bosse spesiaal-beskermdde of beskermdde plante op die faktuur aangeteken word; en
    - (ii) by die verkoop van 'n eksemplaar van -
      - (aa) Aloe pillansii;
      - (bb) Stangeria eriopus;
      - (cc) 'n Pachypodium spesie;
      - (dd) 'n Hoodia spesie;
      - (ee) 'n Encephalartos spesie;
      - (ff) 'n Dioscorea spesie,

moet die lengte én die omtrek van die stam van die plant gemeet op sy dikste ook op die faktuur aangeteken word.

- (2) Die houer van 'n permit in subregulasie (1) genoem –
  - (a) gee die oorspronklike faktuur in subregulasie (1) bedoel aan die aankoper onmiddellik nadat sodanige faktuur uitgemaak is; en
  - (b) hou die afskrif van sodanige faktuur vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum in subregulasie (1)(b) bedoel.
- (3) Die aankoper moet die oorspronklike faktuur in subregulasie (2)(a) genoem, hou so lank as wat hy of sy in besit is van die plant waarop die faktuur betrekking het of vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum in subregulasie (1)(b) bedoel, wat ook al die langste tydperk is.
- (4) 'n Geregistreeerde kwekery mag nie enige spesiaal-beskermdde of beskermdde plante aan enigiemand verkoop tensy hy of sy, wanneer hy of sy sodanige plante by sodanige persoon aflewer, 'n etiket met die naam en adres van die kwekery in duidelik leesbare letters en syfers daarop aangebring aan sodanige plante vasbind, of as sodanige plante in 'n pot of enige ander houer groei of is, sodanige etiket aan die pot of houer heg nie.
- (5) Niemand mag vir 'n tydperk van ses maande ná die verkryging van enige plante kragtens subregulasie (4) die etiket in daardie subregulasie bedoel van die plante, pot of ander houer in die genoemde subregulasie bedoel, verwyder of die etiket vernietig terwyl hy of sy in besit is van die plante of terwyl die plante in die pot of houer groei of is nie.
- (6) 'n Geregistreeerde kwekery mag 'n spesiaal-beskermdde plant slegs verkoop aan 'n aankoper wat die houer is van 'n permit om sodanige beskermdde plant in die besit van die kwekery te koop, te vervoer of te besit.

### **Vereistes vir permitte om plante in te samel**

- 100.** (1) Enigiemand wat van voorneme is om meer as twee persent van die plantbevolking van enige inheemse plantspesie op sy of haar grond in te samel, moet 'n hulpbronassesseringsverslag in Bylae VIII bedoel, aan die Direkteur voorlê.
- (2) Die Direkteur kan 'n permit om 'n inheemse plantspesie in te samel alleenlik uitreik as hy of sy oortuig is dat –
    - (a) die plantspesie in voldoende hoeveelhede voorkom op die grond waar die insameling gaan plaasvind;
    - (b) die insameling van die plant of plante nie sal strek tot nadeel van die bevolking van die plantspesies wat in die gebied voorkom nie;
    - (c) nie meer as twee persent van die bevolking van die plantspesie ingesamel gaan word nie;
    - (d) die metode wat gebruik gaan word nie 'n negatiewe uitwerking op 'n sensitiewe bevolking van 'n nie-geteikende spesie, of enige ander nadelige ekologiese implikasie sal hê nie; en
    - (e) die aansoeker elke aangrensende grondeienaar skriftelik in kennis gestel het van sy of haar voorneme om 'n aansoek kragtens hierdie regulasie te doen.



- (3) 'n Aangrensende grondeienaar wat in kennis gestel is van 'n aansoek kragtens hierdie regulasie, kan binne 'n tydperk van 7 dae ná ontvangs van die kennisgewing skriftelike verhoë aangaande die aansoek aan die Direkteur rig.

## **HOOFSTUK XX ALGEMENE AANGELEENTHEDE**

### **Kriteria wat die Direkteur in ag neem by die oorweging van aansoeke**

- 101.** (1) Die Direkteur kan 'n permit om 'n dier of plant aan te hou of te besit, alleenlik uirreik aan iemand as daardie persoon in besit van die dier of plant gekom het op 'n wyse wat na die mening van die Direkteur nie strydig met enige wet is nie.
- (2) Die Direkteur neem die kriteria in Bylae XIV uiteengesit in aanmerking by die oorweging van 'n aansoek om die besit, inbring of hervestiging van enige spesie.
- (3) Die Direkteur moet, by die oorweging van enige aansoek kragtens die Wet of hierdie Regulasies –
- (a) die vereistes van enige nasionale beleid, norm of standaard wat op die aansoek betrekking kan hê, in ag neem; en
- (b) met enigiemand aangaande die aansoek beraadslaag as hy of sy dit nodig ag.
- (4) Wanneer die Direkteur moet besluit of 'n wilde dier gehou of weggedoen word, neem hy of sy die kriteria in Bylaes XV en XVI uiteengesit in aanmerking.

### **Bevoegdheede van natuurbewaarders ten opsigte van sekere vaartuie, lugvaartuie en voertuie**

- 102.** (1) As 'n natuurbewaarder redelikerwys van mening is dat enigiemand wat 'n vaartuig, lugvaartuig of voertuig op 'n wyse gebruik dat sodanige gebruik strydig is met enige bepaling van die Wet of hierdie Regulasies, kan die natuurbewaarder –
- (a) die persoon gelas om die gebruik van die vaartuig, lugvaartuig of voertuig te staak en dit te verwyder; en
- (b) as die persoon aanhou met die oortreding, op die vaartuig, lugvaartuig of voertuig beslag lê.
- (2) Enigiemand wat kragtens subregulasie (1)(a) gelas is om 'n vaartuig te verwyder, moet dit onverwyld doen en mag nie die vaartuig weer gebruik in die waters waaruit dit verwyder is nie, tensy hy of sy vooraf skriftelike magtiging van die Direkteur of die betrokke natuurbewaarder verkry het.
- (3) Enigiemand wat kragtens subregulasie (1)(a) gelas is om 'n lugvaartuig of voertuig te verwyder, moet dit onverwyld doen en mag nie die lugvaartuig weer in die luggebied waaruit of die voertuig weer op die grond waarvandaan dit verwyder is, gebruik nie, tensy hy of sy vooraf skriftelike magtiging van die Direkteur of die betrokke natuurbewaarder verkry het.

### **Prosedure ná beslaglegging op items**

- 103.** (1) Die Direkteur kan kragtens die Wet die redelike uitgawes aangegaan in verband met die beslaglegging, verwydering, berging of aanhouding van enige item, dier of plant van die eienaar daarvan verhaal.
- (2) As die naam en adres van die eienaar in subregulasie (1) bedoel aan die Direkteur bekend is, stel hy of sy die eienaar van sodanige beslaglegging in kennis.
- (3) As die eienaar in subregulasie (1) bedoel nie binne 90 dae vanaf die datum van die kennisgewing in subregulasie (2) bedoel, die item, dier of plant in ontvangs neem nie of as sy of haar naam en adres nie aan die Direkteur bekend is nie, verklaar die Direkteur die item, dier of plant verbeurd aan die Provinsie.

### **Verval of hernuwing van dokumente in artikel 60(a) van die Wet genoem**

- 104.** (1) 'n Dokument in artikel 60(a) van die Wet genoem, verval as die houer van sodanige dokument versuim om ooreenkomstig subregulasie (2) om die hernuwing daarvan aansoek te doen voordat die dokument verstryk.
- (2) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n dokument in subregulasie (1) bedoel, moet –
- (a) ingedien word op die aansoekvorm wat die Direkteur bepaal;
- (b) vergesel wees van –
- (i) alle ondersteunende dokumente wat op die aansoek betrekking het; en
- (ii) betaling of bewys van betaling van die voorgeskrewe aansoekgeld.
- (3) As die houer van 'n dokument in subregulasie (1) bedoel die aansoek om hernuwing daarvan bring voordat die dokument verval en aan die bepalings van subregulasie (2) voldoen, bly die dokument geldig totdat 'n nuwe dokument deur die Direkteur uitgereik of geweier word.

### **Oorgangsreëlings ten opsigte van heinings vir wildplase**

- 105.** Die houer van 'n wildplaaspermit is, vir 'n tydperk van een jaar nadat hierdie Regulasies in werking getree het, nie verplig om te voldoen aan die heiningspesifikasie in Hoofstuk II bedoel as sodanige spesifikasie strenger is as die spesifikasie wat van toepassing was toe die permit uitgereik is nie.

### **Versuim om voorwaardes na te kom**

- 106.** As die houer van 'n dokument wat kragtens die Wet of hierdie Regulasies uitgereik is, versuim of nie in staat is om te voldoen aan enige voorwaarde waarop die dokument uitgereik is nie, moet hy of sy die Direkteur onverwyld skriftelik van sodanige nie-nakoming of onvermoë in kennis stel.

**Verandering van persoonlike besonderhede**

- 107.** As die persoonlike besonderhede, adres of kontakbesonderhede van die houer van 'n dokument uitgereik kragtens die Wet of hierdie Regulasies, verander, moet hy of sy die Direkteur binne 'n tydperk van 21 dae ná sodanige verandering skriftelik van die verandering in kennis stel.

**Kort titel**

- 108.** Hierdie Regulasies heet die Noord-Kaapse Natuurbewaringsregulasies.